
Julie - Augustus 2013

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 12, No. 4 Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Jul-Aug 2012 *Tomorrow's World*-tydskrif



*Persoonlik*

*Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur*

## Wie se opinie tel werklik?

"Dieselfde-geslag huwelike" is deesdae toenemend in die nuus. Dit kom voor asof bykans elkeen gevra word om hulle opinies te lug. Hoe word daardie opinies egter gevorm? Van wat die meerderheid sê? Van wat politici of aktiviste hulle wysmaak? Of, vanuit die geïnspireerde Woord van God – die Bybel?

Die meeste Amerikaners, Kanadese en Britte is deesdae so Bybels-ongeletterd dat hulle oortuig kan word om byna enigiets te glo oor wat die Bybel sê – of nie sê nie – selfs of die Bybel 'n betroubare bron vir waardes is of nie.

Ons hedendaagse gemeenskap toon toenemend ooreenkomste met die antieke stad van Sodom. Wat was die "meerderheid se opinie" in daardie losbandige stad? Lees dit self in Genesis 19. Lot, God se dienaar, het twee engele onthaal – hulle het hulself as *mense* voorgedoen – sy huis was spoedig omring: "... die manne van die stad, die manne van Sodom,[het] die huis omsingel: jonk en oud, die hele bevolking, almal saam" (vers 4). Die menigte het daarop aangedring dat Lot sy manlike gaste na buite moes bring sodat hulle hul kon **verkrag** (vers 5)! Hulle was ooglopend die "meerderheid" in hierdie spesifieke stad, maar het dit hulle optrede "geregverdig"? Nee!

Die Verenigde State van Amerika, my vriende, is een van verskeie lande wat al meer en meer optree asof die God van die Bybel nie bestaan nie! Miljoene jong paartjies "bly eenvoudig saam" **– sonder** die voordeel van die huwelik. Miljoene ander dring aan op die reg om te trou met mense van dieselfde geslag! Selfs die President van Amerika **–** 'n nasie wat *voorheen beskou was* as "die grootste Christelike land in die wêreld" – het in die openbaar verklaar dat hy huwelike tussen twee homoseksuele mans of twee homoseksuele vroue ondersteun. Dit lyk ook asof duisende super-liberale *media-mense* ook op die reklamewa gespring het en voor in die koor is om hulle goedkeuring te gee.

Sommige liberale predikante probeer om God se woord weg te redeneer en dring aan dat "die Bybel nie duidelik is" oor die moraliteit van homoseksuele verbintenisse nie. Ander weer, stem saam met Billy Graham se seun Franklin, wat sê dat Barack Obama "sy vuis vir God wys" deur dieselfde-geslag huwelike te ondersteun! Wie se opinie tel?

Die hele probleem kan teruggevoer word na mense se **afskuwelike *onkunde*** oor die Bybel **–** hulle onwilligheid om hul te bekeer en te doen wat God duidelik in Sy geïnspireerde woord sê! Jesus Christus stel dit duidelik: "Het julle nie gelees dat Hy wat *hulle* gemaak het, hulle van die begin af **man** en **vrou** gemaak het nie, en gesê het: Om hierdie rede sal die man sy vader en sy

moeder verlaat en sy **vrou** aankleef, en hulle twee sal een vlees wees; sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees? Wat **God** dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie" (Mattheüs 19:4-6).

Christus stel dit duidelik dat die huwelik berus op die feit dat **God** hulle "man en vrou" gemaak het, dit is **God –** nie die mens en sy wette nie **–** wat man en vrou saambind as "een vlees" in die huwelik.

God het die apostel Paulus geïnspireer om te skryf: "Of weet julle nie dat mense wat onreg doen, geen deel sal kry aan die koninkryk van God nie? Moenie julleself mislei nie: geen onsedelikes of afgodsdienaars of egbrekers of mense wat **homoseksualiteit** beoefen of diewe of geldgieriges of dronkaards of kwaadpraters of bedrieërs sal deel kry aan die koninkryk van God nie" (1 Korinthiërs 6:9-10 NV). Hy het Paulus ook geïnspireer om te waarsku teen die dwase filosowe van sy tyd: "Daarom het God hulle oorgegee aan **skandelike hartstogte**, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is; en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang. En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in

*Vervolg op bladsy 27*

## Inhoudsopgawe


**Voorblad**

**Persoonlik – Wie se opinie tel werklik?**
Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**Hoe Satan u mislei!** 3
Die meeste mense vandag verkeer onder druk om "in te val" met die waardes en gewoontes wat God verafsku. Was u al 'n slagoffer van die duiwel se aanval op ons samelewing?

**2012 en die Apokalips** 8
Sal die wêreld in 2012 eindig? Het die "New Age" voorspellers iets beet? Kan die waarheid gevind word in antieke Maja-kalenders, of in die bladsye van u Bybel?

**Olie-oorloë in die Suid-Atlantiese Oseaan?** 13
Ons dink gewoonlik aan "olie-oorloë" as iets wat beperk is tot die Midde-Ooste.

**Die Groot Legkaart** 15
Om sin te maak van ons wêreld kan 'n groot uitdaging wees. Weet u hoekom?

**Tekens van die tye** 20
'n Storm broei op die horison. Is u voorbereid?

**Die Werk van Sy hande** 21
Waar kom die heelal vandaan?

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23

**Profesie neem gestalte aan** 24


Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org


**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Roderick C. Meredith
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Uitvoerende Redakteur**
William Bowmer
**Besturende Redakteur**
John Robinson

**Streeksredakteurs**
Bruce Tyler (Australasië)
Gerald Weston (Kanada)
Rod King (Europa)

**Besigheidsbestuurder**
Dexter B. Wakefield

**Streekskantore**

**VSA:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIë:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (61) 8 8383 6288
Faks: (61) 8 8127 9667

**KANADA:**
P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 0P6
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland 1140, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**FILIPPYNSE EILANDE:**
PO Box 492
Araneta Center 1135, Philippines
Tel: 63-2-723-0499
Faks: 63-2-414-5349

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 058 623 1303

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.**

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.**



© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou


**Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).**

# Hoe Satan u mislei!

## Deur Roderick C. Meredith

***Is u al deur die duiwel mislei? Is u seker? Hoe kan u seker wees?***

Baie meer as wat die meeste mense selfs begin om te besef, is die hele samelewing rondom ons besig om omgekeer te word. Hoewel die media probeer om dit alles op die oppervlak goed te laat lyk, openbaar u Bybel dat die eindresultaat **skrikwekkend** sal wees!

Gedurende my jeugjare sou mense geskok gewees het deur die geredelike beskikbaarheid van aborsie op aanvraag. Hulle sou nooit kon voorsien dat kondome deur skoolowerhede aan studente versprei sou word nie. "Saamwoon" sonder die voordeel van die huwelik sou as skandelik beskou word, die blote gedagte dat homoseksuele paartjies "dieselfde-geslag huwelike" kan aangaan terwyl hulle hul afwyking van lankbestaande norme van ordentlikheid goedkeur, sou ondenkbaar gewees het.

Nogtans word hierdie praktyke en ander wat soos hulle is, vandag deur ontelbare miljoene mense rondom ons aanvaar – selfs deur baie mense wat hulself Christene noem. Selfs nominale "Christelikheid" is deesdae onder die spervuur, namate die meeste Westerse nasies byna elke oorblyfsel van hul vorige Judeo-Christelike erfenis verwerp. Voorheen sou mense ten minste die gesag van die Bybel erken het, selfs terwyl hulle teen baie van dit wat die Bybel verkondig gegaan het. Deesdae word Bybelse waardes selfs deur 'n spervuur van Sataniese propaganda ondermyn.

Satan, die "god van hierdie wêreld" (2 Korinthiërs 4:4), is inderdaad *baie* slinks. Hy gebruik slim en selfs hoogsopgeleide mense om hom by te staan in sy veldtog om kwaad goed te laat **lyk**. Die Skepper God het geweet dat, namate die einde van die wêreld naderkom, toenemende getalle ydele, rebelse mense hulself daartoe sal leen om boosheid te bevorder. Die Skrif waarsku ons uitdruklik: "Wee hulle wat sleg goed noem en goed sleg, wat die duisternis lig maak en die lig duisternis, wat bitter soet maak en soet bitter. Wee hulle wat in eie oë wys en na eie oordeel verstandig is" (Jesaja 5:20-21).

Tog besef die meeste gemiddelde mans en vroue eenvoudig nie dat hulle slim mislei word deur 'n noukeurig georkestreerde veldtog om wat verkeerd is, goed te laat lyk nie. Hulle sien nie die maniere raak waarop die "hoofstroom-media" met die idees van diegene wat die moraliteit van die Westerse nasies heeltemal wil ondermyn, saamwerk of dit selfs bevorder nie. Jonger mense vandag kan skaars – indien enigsins – 'n tyd onthou toe die Westerse samelewing werklik vasgekleef het aan die waardes van respek vir die gesinseenheid, die heiligheid van die huwelik tussen een man en een vrou, 'n basiese standaard van sedelikheid soos uiteengesit in die Tien Gebooie en die beskerming van alle menslike lewe – insluitende dié van die ongebore kind in sy moeder se skoot.

In teenstelling daarmee is die moderne God-verwerpende slagspreuk vandag: "As dit goed voel, doen dit!" Feitlik 'n hele geslag Amerikaners, Kanadese en ander Engels-sprekendes is geleer en beïnvloed om die God van die Bybel en die standaarde van gedrag waaraan honderde miljoene van ons voorvaders ten minste lippediens bewys het, basies te verwerp; standaarde wat ons voorvaders volgens hulle begrip in hul daaglikse lewe – ten minste gedeeltelik – werklik uitgeleef het. *Wat het gebeur*?

**Net 'n paar verstaan**

Daar is 'n hand vol deurdagte kommentators wat hierdie tendens ingesien en hul stem verhef het om dit bekend te maak, meer as wat ek in hierdie kort artikel van melding kan maak. Een so 'n onthulling is te vinde in 'n boek met die titel: *The Marketing of Evil*. In hierdie interessante en baie belangrike dokument onthul die skrywer, David Kupelian, die werklikheid

van die agenda van diegene wat – hetsy wetend of onwetend – Satan help om Bybelse waardes waaraan die Westerse nasies lank reeds aan vasgehou het, te ondermyn.

Wat is aan die gang? Kupelian skryf: "Die eenvoudige waarheid is, binne die bestek van ons leeftyd, word baie van wat die Amerikaners eens op 'n tyd byna algemeen verafsku het, nou verpak, geparfumeer, in geskenkpapier toegedraai en aan ons verkoop asof dit van groot waarde is. Deur bedrewe met ons diepgewortelde nasionale waardes van eerlikheid, ruimhartigheid en verdraagsaamheid te speel, het hierdie bemarkers ons oortuig om dít te aanvaar as verlig en edel, dit wat alle vorige geslagte sedert Amerika se stigting beskou het as grootliks selfvernietigend – in een woord, boos" (bll. 11-12).

Baie mense sal Kupelian se aansprake ongelooflik vind, tensy hulle sy boek met 'n oop gemoed benader. Hy gaan voort om die propagandaplan van sekere homoseksuele aktiviste wat "'n in-diepte gepubliseerde plan, uitgewerk deur professionele Harvard-opgeleide bemarkers" volg (bl. 12) te verduidelik. Kupelian vra: "Hoe kan dit in Amerika gebeur? Hoe het kindermolestering nou skielik 'man-seun liefde' geword? Hoe het die verbryseling van 'n baba se skedel en uitsuig van sy brein nou 'n 'grondwetlike reg' geword? Hoe het aanhaling uit die Bybel nou 'haatspraak' geword? Presies hoe word dit gedoen dat boosheid goed lyk, en goed nou boos lyk? Hoe het Amerika – wat steeds spog met 'n 80% Christelike bevolking – dit regkry om dít te aanvaar wat net alleen 'n kultuur van dood, eerder as 'n kultuur van lewe, genoem kan word?" (bl. 13).

**Neem dit stadig en gemaklik?**

Een van die belangrikste strategieë wat dikwels deur Satan en sy gesante deur die eeue heen gebruik word, is om veranderings *so geleidelik* te laat plaasvind dat die gemiddelde persoon nie die omvang van wat gebeur, besef nie. Dit is die "padda in die pot"-strategie. Wanneer 'n padda in die begin in 'n pot lou water geplaas word, skyn alles aangenaam en veilig te wees. Daarna, namate die water *baie stadig* verhit word, word die onwetende padda geleidelik *dood gekook* – voordat hy besef wat besig is om te gebeur!

Omdat bogenoemde veranderings, alhoewel werklik omvangryk, plaasvind oor 'n aantal jare – of in sommige gevalle selfs 'n paar dekades – besef die oorgrote meerderheid mense nie die **geweldige omvang** van hierdie ontsaglike veranderings in "normale" sedelikheid nie, nog minder sien hulle die gevaar in van wat aangaan. Meeste mense is aan die slaap gesus deur die konstante tamboerslag van propaganda wat daarop aandring dat hierdie omvangryke veranderings slegs maar sake van "regverdigheid" of "gelykheid" is, of net is om "gaaf te wees" – in elk geval maak die verplettering van lank-gehuldigde waardes "niemand seer nie".

*"Iemand seermaak?"*

Het die ongebore baba-dogtertjie wie se brein uitgesuig is, 'n kans gekry om te kla oor die verlies van haar "regte as vrou"? Het kinders met "twee mammas" of "twee pappas" die geleentheid om beide moederliefde en vaderliefde te ervaar? Wat is die boodskap wat aan jong mense gestuur word wanneer hulle sien hoe volwassenes, in die naam van "seksuele vryheid", "slawe" word van hulle wellus en grille, deur aan fisiese stimulasie en selfs "besteebare inkomste" voorkeur te verleen bo die waarde van 'n tradisionele gesin? Ons moet nie vergeet dat daar op hierdie oomblik nie-Westerse samelewings is wat hierdie agteruitgang van morele waardes van die Weste dophou nie. Sal hulle toelaat dat hierdie boosheid hul eie gemeenskappe binnedring, of sal hulle alles moontlik doen om die Weste te vernietig voordat die boosheid verder versprei?

U mag geskok wees om te verneem dat u Bybel duidelik openbaar dat, voor die einde van hierdie tydperk, die Amerikaanse en die nasies van Britse afkoms in werklikheid "slawe" sal word van die nasies wat hulself nie verswak het soos ons gedoen het nie.

Intussen word die meeste gemiddelde mense so besig gehou deur die Internet en ander afleidings – dat hulle eenvoudig dikwels *nie die tyd afstaan om*

*daaraan te dink nie*. Indien hulle natuurlik gaan sit en *versigtig nagedink* het oor waarheen hierdie ontwikkelings lei, sou die meeste verstandige mense van beter weet. Hulle sou die geskiedenis gelees en besef het dat **elke** ryk of nasie wat die huidige koers van die Westerse nasies ingeslaan het, tot 'n val gekom het.

**Die "sleutel" tot begrip**

Vir eeue, alhoewel dit onvolmaak gedoen is, het die Westerse nasies minstens voorgegee dat hulle na die Bybel opsien as die beslissende standaard van sedelikheid. Gedurende die afgelope dekades het ons onderwysers, politici, en selfs die meeste van ons sogenaamde geestelike leiers, egter hul bes gedoen om die idee van 'n "werklike" God af te skaf, en het eerder *menslike redenasies* gebruik om hul eie standaard van sedelikheid daar te stel en te besluit hoe almal moet lewe. 'n Hedonistiese lewenswyse word toenemend op ons afgedwing deur regerings wat ons werkplekke, ons huislike lewens, ons mediese sorg, ons huwelike en so baie ander aspekte van ons daaglikse lewens voorskryf.

Met al hierdie dinge is daar een element wat opsigtelik ontbreek. In die Nuwe Testament van u Bybel is een van die heel eerste opdragte van Jesus Christus wat in Lukas 4:4 aangehaal word: "Daar is geskrywe: *Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van* **elke woord van God**." lewers langs die pad het die Amerikaners en die Britte wat voorheen *vas geglo* het in die idee van 'n ware God – die standaarde vir gedrag wat, ten minste losweg, gebaseer was op die Tien Gebooie – enige sweempie van daardie God *uit die oog verloor*. Dit is glad nie verrassend nie, aangesien talle van ons godsdienstige opvoeders en leiers propaganda aan ons jeug verkondig het – selfs diegene wat predikante word – met die idee dat die Bybel **nie** direk deur God geïnspireer is nie, dat mens nie onvoorwaardelik daarop kan staat maak nie en dat die mens derhalwe sy *eie standaard* vir gedrag kan bedink.

Wanneer u hierdie een "sleutel" verstaan, val *alles* in plek! Die meerderheid mense in ons Westerse nasies het *God werklik dan versaak* en maak nou staat op hulself – deur die prisma van hul eie ydelheid en begeertes – om te besluit wat reg is en wat verkeerd is. Nogtans waarsku die Skrif ons: "Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood" (Spreuke 14:12). Miljoene geaborteerde babas het dit self ervaar – hul sal tydens die toekomstige opstanding wat die "Wit Troon Oordeel" genoem word (Openbaring 20:11-15), in staat wees om hul ouers in die oë te kyk en te vra: "Hoekom het julle nie God se Woord gehoorsaam nie?"

**'n Antieke profesie**

In 'n profesie wat aan ons voorvaders gegee is, en wat sekerlik direk verwys na *ons huidige tyd*, waarsku die Skepper God: "Maar as julle nie na My luister en al hierdie gebooie nie doen nie; en *as julle my insettinge* **verwerp**, en *as julle siel van my verordeninge 'n* **afsku** *het*, sodat julle nie al my gebooie doen nie en my verbond verbreek – dan sal Ék dit ook aan julle doen: *Ek sal* ***verskrikking*** *oor julle beskik*: die **tering** en die **koors** wat die oë verteer en die lewe laat versmag; julle sal ook tevergeefs julle saad saai, want julle vyande sal dit opeet" (Levitikus 26:14-16).

Inderdaad, namate verskeie geestelike, emosionele en fisiese siektes meer en meer onbeheersd voorkom as gevolg van hoerery, owerspel en homoseksuele aktiwiteite, die ontbinding van gesinne, die weggooi van kinders asook ander "vrugte" van ons sedelike verval, sal dit sekerlik "die lewe laat versmag". Die weg van "seksuele vryheid" en "maklike egskeiding" lei waarlik nie net tot VIGS en ander seksueel oordraagbare siektes nie, maar ook tot voortydige **dood**.

Terwyl ek in die 1930's en 1940's grootgeword het, het ek my ma en dosyne van haar vriendinne ervaar as waardige, geleerde en gerespekteerde vroue wat die aktiwiteite in hul huise behartig het, voedsel en ander nodige items gekoop het, huishulpe en tuiniers by geleentheid gehuur het, hul

kinders onderrig en versorg het en 'n "veilige hawe" aan hul mans voorsien het na 'n lang dag by die werk. Hierdie vroue het hul ontsaglike God-gegewe vermoë gebruik om hul gesinne te ondersteun – die hele gemeenskap rondom hulle – deur 'n ordentlike, misdaadvrye en gesonde omgewing vir almal te voorsien.

Na die Tweede wêreldoorlog het die "*Women's Lib*"-beweging begin met propaganda om vroue die idee te gee dat hul rolle as tuisteskeppers en moeders nie "vervullend" is nie. Dames wat nie buite die huis gewerk het nie, is toenemend verkleineer as "slawe" van mans asook of hulle hul potensiaal weggooi. Tradisionele rolle in die huwelik is aangeval as "verouderd" en "ongesond" en 'n manier om "vroue te onderdruk". Feminis-aktiviste het besef dat die huwelik 'n primêre teiken moet wees van hul aanval op die tradisionele sedelike waardes. Soos die feministiese skryfster Robin Morgan dit stel: "Ons kan nie die ongelykhede tussen mans en vroue vernietig voordat ons die huwelik vernietig het nie" (Kupelian, bl. 112). Die feministiese skryfster en joernalis, Jill Johnson, stel dit so: "Totdat alle vroue lesbiërs is, sal daar geen ware politieke revolusie wees nie" (*ibid*.) Dit mag verregaande klink, hierdie idees is inderdaad dikwels "afgewater" om feminisme aan die gemiddelde persoon te "verkoop", maar hulle bestaan werklik en is gevaarlik.

Hierdie idees het ook werklike, dikwels tragiese, gevolge. Oorweeg die uitwerking daarvan op kinders. Judith Wallerstein, 'n navorser wie se baanbrekerswerk 'n 25-jaar studie van kinders van egskeiding ingesluit het, vra: "Wat van die kinders?" As 'n kenner op hierdie gebied, het sy 'n verskriklike leegheid en frustrasie wat aan geslagte jong mense aangedoen is, toegeskryf aan hierdie nuutgevonde "vryheid" wat gepropageer word deur die radikale feministe.

*The Marketing of Evil* beskryf hierdie probleem in detail. "Glen Stanton, 'n kundige van *Focus on the Family*, som die resultate van 'n terugblik op Amerika se dekades-lange egskeiding-'eksperiment' op. Terwyl volwassenes geweldig gely het, het kinders 'nog slegter gevaar', is sy waarneming. 'Baie het die onskuld van kindwees sien verdwyn die dag toe hulle ouers die egskeiding aangekondig het. Ander het beskryf dat hulle 'lewenslank geskend' is. Hulle het talle stories vertel van hoe hulle lamgelê was deur angs, beset was deur woede, gedisoriënteer was deur verwarring en geïmmobiliseer was deur vrees van algehele verwerping. Hul gedrag, skoolprestasies en fisiese en geestelike gesondheid het verswak. Hulle was ander kinders. Eintlik het hulle hulself nie meer as kinders beskou nie. Egskeiding het hulle gedwing om volwassenes te word, selfs nog voordat hulle tieners was. Ons weet nou hierdie kinders dra hierdie probleme kumulatief oor na die volwasse lewe" (Kupelian, bll. 115-116).

Weereens, die *gevolge* van hierdie "maatskaplike eksperimente" laat kinders se hartseer en frustrasie toeneem, dit lei tot dwelmmisbruik, dodelike siektes en selfs selfmoord. Trouens, die weg wat vir die mens reg "lyk" eindig dikwels in die **dood**!

**Vernietig ons onsself?**

Deur die God van die Bybel uit die prentjie te laat, is nasies wat eens op 'n tyd ten minste bely het dat hulle Bybelse waardes handhaaf, nou besig om hulself te vernietig. Die gevolge – veral in Amerika en Brittanje wat van beter behoort te weet – is ontstellend! Nogtans is miljoene mense wat mislei is deur die valse beloftes van die sekulariste en anti-God magte – wat eintlik deur Satan en sy demone gelei word – feitlik onbewus van die probleem, hul is toenemend onbewus van die God van die Bybel en enige skyn van Jesus Christus se leerstellings! Ek verwys na die "God van die Bybel", want – soos die meeste van u weet – is daar deesdae so baie valse "gode" in omloop. Daar is letterlik *honderde* begrippe van wat God is of nie is nie. Die diep "vrees" of **ontsag** vir die ware God – die Skepper, die Een wat die Bybel geïnspireer het – is heeltemal afwesig in die gedagtes van die meeste mense.

Geagte leser, u behoort *na te dink oor* hoe die bogenoemde veranderings begin het om 'n uitwerking te hê op die

geestelike gesondheid en geluk van miljoene mense, die stabiliteit van huise en gesinne – ook die uiteindelike *oorlewing* van die Westerse nasies. **Indien** Amerika en Brittanje wil voortgaan en floreer, dan moet die diepgaande respek vir **daardie God** weer herstel word **–** weliswaar, dit moet verhoog word tot waar dit behoort te wees!

Indien enigeen van u wat hier lees nog nie ons lewensbelangrike boekie, *Die Bybel: Feit of Fiksie?*, ontvang en *bestudeer het* nie, *voeg dan asseblief die daad by die woord* en bestel u **gratis** kopie nou. Dit kan u oë oopmaak vir die *ware* openbaring van ons Skepper en Sy **lewenswyse –** wat subtiel en nié so subtiel nie, ondermyn word deur Satan in die verskillende propaganda-veldtogte wat in hierdie artikel beskryf word. U kan dit óf lees óf aanlyn bestel by *wvm.co.za* of u kan u gratis gedrukte kopie verkry deur kontak te maak met die streekskantoor die naaste aan u (gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif).

Ten slotte, mag God ons almal help om seker te wees dat ons met die **werklikheid** te doen het. Terwyl die eindtyd profetiese gebeure, geïnspireer deur die God van die Bybel, vinnig begin realiseer, kan die mense nie bekostig om baie langer "hul oë te sluit" vir die **Waarheid** nie. *U*, **persoonlik**, behoort die basiese aspekte van die lewe onder oë te neem: "**Hoekom** lewe ek? Is daar 'n **ware** God? Behoort ek daardie God te **gehoorsaam** of my eie weg te volg?" Die meeste mense steur hulle nie aan, of verstaan selfs nie, hierdie belangrike vrae nie. Nogtans daag die apostel Paulus ons uit: "Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, *naamlik* die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie" (2 Korinthiërs 4:3-4). Satan is per slot van rekening die een agter die "bemarking van boosheid" waardeur hy poog om soveel moontlik mense as wat hy kan, te mislei. Satan die duiwel het inderdaad die oorgrote meerderheid van die mensdom "verblind" vir begrip van die **Waarheid**. Indien u begin om te verstaan wat ek geskryf het in hierdie kort artikel, mag God u oë oopmaak en daardie blindheid wegneem! Mag hierdie artikel u help om te *dink*, *aandag te gee*, en *aan uself* die regte antwoorde op die belangrikste vrae oor die lewe te *bewys*. Hierdie tydskrif en die *Tomorrow's World* TV-program is daarop gemik om u te help om *ware begrip* te verkry. Mag God *u* help om *te verstaan* – om te **verander!** WvM


# Satan se vervalste Christendom

***Die verstommende boodskap in hierdie boekie sal u raak in die jare wat binnekort voorlê en dit sal ook 'n uitwerking op u ewige toekoms hê!***

***Dit is lewensbelangrik.***

***Hierdie inligting is vir baie eeue onderdruk, maar dit is inligting waarvan u kennis behoort te dra!***

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!

# 2012 en die Apokalips

## Deur Richard F. Ames

***Wat sê God se Woord aan ons anngaande "die einde van die wêreld" en die tye wat binnekort voorlê?***

Oral om ons lyk dit of die wêreld vasgevang is in probleme. Kan daardie probleme opgelos word voordat die mensdom vernietig word?

Aardbewings hou aan om lyding en verlies te veroorsaak. Ons onthou die 9.1 grootte Tohoku aardbewing wat Japan op 11 April 2011 getref het. Tussen die aardbewing self en die tsunami wat daardeur veroorsaak is, het hierdie ramp gelei tot meer as 15,000 sterftes en ten minste 25,000 ernstige beserings. Volgens syfers van die Wêreldbank, wat die koste van die skade op $235 miljard bereken het, is die Tohoku ramp tans die duurste natuurramp in die aangetekende geskiedenis. Baie waarnemers bly bekommerd oor die voortslepende gevolge van vrylating van bestraling uit die Fukushima kernkragsentrale, wat onherstelbaar beskadig is deur die aardbewing en die tsunami.

Gedurende 2011 het die Verenigde State van Amerika op 22 Mei ook die dodelikste tornado sedert 1947 ervaar, wat $3 miljard aan versekerde skade rondom die dorp van Joplin, Missouri veroorsaak het. Vanaf 25-28 April van daardie jaar het 'n "super uitbarsting" van 343 tornado's in die VSA se Midweste, 'n geskatte $10 miljard se skade aangerig.

Asof natuurrampe nie genoeg was nie, dreig finansiële krisisse in baie lande. Die VSA word steeds lamgelê deur die gevolge van die 2008 globale finansiële ineenstorting en Europa wankel op die rand van chaos namate die stabiliteit van die euro betwyfel word en die Europese Unie die gevaar staan om lidlande te verloor of om heeltemal te ontbind.

Baie onlangse afgestudeerde kollege-studente sukkel om werk te kry, terwyl ouer werkers hulself sonder vooruitsigte van werk bevind na afleggings. Immigrasie is besig om verandering aan te bring in die demografie van nasies wat vir dekades – selfs eeue – gedeelde erfenis en waardes as vanselfsprekend aanvaar het. Lankbestaande sedelike en godsdienstige norme word betwis. Vir baie mense lyk dit asof ons wêreld op die randjie van totale ineenstorting is.

Dus, wat gaan gebeur? 'n Peiling in April 2012 deur *Ipsos Global Public Affairs* het bevind: "Byna 15% van mense wêreldwyd glo die wêreld sal gedurende hul leeftyd eindig en 10% dink die Maja-kalender kan aandui dat dit in 2012 sal gebeur" ("*Nearly one in seven thinks end of world is coming*", *Reuters*, 1 Mei 2012).

Sal die wêreld eindig gedurende u leeftyd? Sal dit eindig in 2012? Vir 'n paar jaar het "New Age"-entoesiaste verwys na die antieke Maja-beskawing se kalender, wat een van sy belangrike siklusse op 21 Desember 2012 beëindig. Kon dit die Majas se idee wees van die einde van die wêreld? Die onlangse ontdekking van 'n negende eeu n.C. se Maja inskripsie in Guatemala se Xultun kompleks stel dit anders voor, aangesien dit datums insluit wat 7,000 jaar in ons toekoms in strek ("*Ancient Mayan calender unearthed*", *Irish Times*, 11 Mei 2012).

Vroeër vanjaar het wetenskaplikes wat die bedreiging van kernoorlog monitor, hul simboliese "Oordeelsdag horlosie" 'n minuut nader aan middernag geskuif. Op 10 Januarie 2012 het die *Bulletin of the Atomic Scientists* hierdie aankondiging gemaak: "Dit is vyf minute voor middernag. Twee jaar gelede het dit gelyk asof wêreldleiers die werklike wêreldwye bedreigings wat ons in die gesig staar, mag aanspreek. In baie opsigte is daar nie met die tendens voortgegaan nie, of was dit omgekeer. Om dié rede het die *Bulletin of the Atomic Scientists* die horlosie se minuutwyser na een minuut nader aan middernag verskuif, terug na waar dit was in

2007".

Ja, dit is simbolies net vyf minute voor middernag! Sal ons dus die "middernagtelike" oordeelsdag in 2012 beleef? Sal 2012 'n tyd van oorgang of van moeilikheid wees? Sal gebeure wat lank gelede in u Bybel geprofeteer is, plaasvind? U Bybel voorspel 'n klimaktiese, katastrofiese ontbranding wat – as dit nie vir die wederkoms van Jesus Christus Self was om die mensdom van hulself te red nie – alle lewe op die aangesig van die aarde sou vernietig. Sal 2012 egter die datum wees?

Die boek van Openbaring – die laaste boek in die Bybel – word soms die Apokalips genoem. Die Griekse woord *apokalypsis* beteken om "bloot te lê" of "die waarheid bekend te maak" – 'n openbaring dus. In moderne Engels verwys *"apokalypse"* tans na 'n groot ramp as gevolg van die gebeure wat beskryf word in die *apokalipsis* wat deur die apostel Johannes in die boek van Openbaring openbaar word.

**Die vier perderuiters**

Diegene wat die simboliek van hierdie geheimsinnige boek verstaan, kan die rit van die geprofeteerde "vier perde-ruiters" wat in die bladsye voorspel word, erken. Die apostel Johannes beskryf vier perderuiters wat groot mis-leiding en verwoesting aan die mensdom en lewe op aarde simboliseer. "En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit perd. En hy wat daarop sit, het 'n boog; en aan hom is 'n kroon gegee, en hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar en om te oorwin. En toe Hy die tweede seël oopgemaak het, hoor ek die tweede lewende wese sê: Kom kyk! En 'n ander perd, 'n vuurrooie, het uitgekom, en aan hom wat daarop sit, is dit gegee om die vrede van die aarde af weg te neem en dat hulle mekaar sou doodmaak; en 'n groot swaard is aan hom gegee. En toe Hy die derde seël oopgemaak het, hoor ek die derde lewende wese sê: Kom kyk! En ek het gesien, en kyk, daar was 'n swart perd; en hy wat daarop sit, het 'n skaal in sy hand. En ek het 'n stem tussen die vier lewende wesens hoor sê: 'n Rantsoen koring vir 'n penning en drie rantsoene gars vir 'n penning; en moenie die olie en die wyn beskadig nie. En toe Hy die vierde seël oopgemaak het, hoor ek die stem van die vierde lewende wese sê: Kom kyk! En ek het gesien, en kyk, daar was 'n vaal perd. En hy wat daarop sit, sy naam is die dood, en die doderyk het hom gevolg" (Openbaring 6:2-8).

Een van die basiese beginsels vir begrip van Bybelprofesie is dat die Bybel homself interpreteer. In hierdie geval het Jesus self vir ons die betekenis van hierdie vier perderuiters gegee, soos ons later sal sien. Jesus, die Openbaarmaker, wil hê dat ons hierdie boek moet verstaan. Let op die doel van die boek. "Die openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur, en wat Hy deur die sending van sy engel aan sy dienskneg Johannes te kenne gegee het" (Openbaring 1:1).

Aangesien Jesus die Openbaarmaker is, het Hy hul simboliese betekenis bekend gemaak? Ja, Hy het! Hy gee 'n uiteensetting van eindtydse profetiese gebeure in Mattheüs 24, Markus 13 en Lukas 21. Hierdie profetiese gebeure verduidelik die vier perderuiters in die boek van Openbaring. Deur die weergawes van die Evangelie en Openbaring saam te voeg, sien ons dat die bekende vier perderuiters van die Apokalips simboliseer:

- Wit Perd: Vals christusse en valse godsdiens
- Rooi Perd: Oorlog en die vernietigende gevolge daarvan
- Swart Perd: Hongersnood en skaarste wat dikwels op oorlog volg
- Vaal Perd: Siektes en peste wat dikwels op hongersnood volg

Hierdie vier perderuiters sal verwoesting oor die hele aarde veroorsaak. Ons lees: "En aan hulle is mag gegee oor die vierde deel van die aarde om dood te maak met swaard en hongersnood en pes en deur die wilde diere van die aarde" (Openbaring 6:8).

**Die groot verdrukking**

Jesus se dissipels het Hom gevra: "Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?" (Mattheüs 24:3). Jesus

verduidelik dat Christene vervolg sal word (vers 9). Die Evangelie van die Koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld as 'n getuie (vers 14). U is besig om daardie Evangelie te lees wat in hierdie tydskrif verkondig word!

In die 1933 vertaling van die Bybel lees die subhoof na vers 14: "Die groot verdrukking". In 70 n.C. het die Romeinse leërs Jerusalem beleër en die tweede tempel vernietig. Die Joodse historikus Josephus skryf dat meer as een miljoen mense gesterf het. Dit was "**'n**" groot verdrukking vir die Joodse volk. Die eindtydse groot verdrukking sal net drie-en-'n-half jaar voor die wederkoms van Christus begin. Jesus gee aan ons en die wêreld hierdie waarskuwing: "Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word" (Mattheüs 24:21-22).

Die groot verdrukking sal 'n unieke tyd in die mens se geskiedenis wees. Daar was nog nooit so 'n tyd in die menseheugenis nie. Die profeet Jeremia noem dit die "tyd van benoudheid vir Jakob" – moeilikhede vir die eindtydse afstammelinge van Jakob (wie se naam verander is na "Israel"). Hierdie verdrukking is geprofeteer om die Westerse lande, veral die Amerikaanse en die volke van Britse afkoms, te verwoes. Jeremia skryf: "Wee, want die dag is groot, sonder weerga" (Jeremia 30:7). Die profeet Daniël beskryf die groot verdrukking: "... dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie; maar in dié tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan" (Daniël 12:1). Daniel is meegedeel dat die vervulling van die finale eindtydse gebeure sal plaasvind oor "'n Tyd, tye en 'n halwe *tyd*" – of te wel drie-en-'n-half jaar (vers 7).

**Hemelse tekens**

Let op wat in volgorde plaasvind ná die groot verdrukking: "En dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word" (Mattheüs 24:29).

Hierdie kosmiese versteurings – die hemelse tekens – kondig God se ingryping en Sy oordeel oor die nasies aan. Die hemelse tekens lui die Dag van die Here in, wat sal lei tot Christus se wederkoms. Die hemelse tekens simboliseer ook die sesde seël van Openbaring. Jesus Christus, die Openbaarmaker, maak die sesde seël oop. "En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed; en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval; en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit" Openbaring 6:12-14).

**Dag van die Here**

Die Dag van die Here – God se grimmige oordeel oor rebelse nasies – sal direk na die hemelse tekens begin (Openbaring 6:17)! Meer as 30 profesieë verwys na die Dag van die Here. Jesaja 34:8 en Jesaja 63:4 toon dat die Dag van die Here in eindtydse profesie, die tyd wat die Wederkoms voorafgaan, 'n tydperk van een jaar sal wees!

Die drie groot gebeurtenisse wat ons voorheen genoem het, die groot verdrukking, die hemelse tekens en die jaarlange Dag van die Here dek 'n tydperk van ongeveer drie-en-'n-half jaar. Die Dag van die Here is die jaar net voor die wederkoms van Christus!

Die apostel Johannes, die skrywer van Openbaring, beskryf die Messias – Jesus Christus – se oopmaking van sewe seëls, sodat ons die volgorde van profetiese gebeure kan verstaan. U kan daaroor lees in hoofstukke 5 en 6 van Openbaring. Die eerste vyf seëls, soos ons gesien het, lei tot die hemelse tekens, of die sesde seël. Die sewende seël is die jaarlange Dag van die Here. Die sewende seël bestaan uit sewe basuine. "En toe Hy [Christus]

die sewende seël oopgemaak het, kom daar stilte in die hemel omtrent 'n halfuur lank. En ek het die sewe engele gesien wat voor God staan, en sewe basuine is aan hulle gegee" (Openbaring 8:1-2). Hoofstukke 8 en 9 beskryf die eerste ses basuine. Die sewende basuin bestaan uit die sewe laaste plae of oordele wat lei tot die wederkoms van die Messias, Jesus Christus.

**Die Koninkryk van God**

Die opskrif bokant Openbaring 11:15 in die Ou Afrikaanse vertaling lees slegs: "*Die sewende basuin*", maar in die *NKJV* lees dit: "*Seventh Trumpet: The Kingdom Proclaimed*". Hierdie belangrike aankondiging vind plaas wanneer die sewende basuin geblaas word. Dit is die goeie nuus waarna alle Christene uitsien. "En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid" (Openbaring 11:15).

Dit is wonderlike nuus vir ware Christene, maar hoe sal die nasies daarop reageer? Hoe sal **u** reageer? Let wel: "Die nasies was vertoornd, en u toorn het gekom" (vers 18). Die nasies van die planeet Aarde sal probeer om te veg teen God se koninkryk op aarde. Hulle sal woedend wees omdat Christus gekom het om oor die aarde te heers as Koning van die konings en die Here van die here, bygestaan deur Sy heiliges.

God het ons almal gewaarsku om ons voor te berei vir Armageddon. Selfs Generaal Douglas MacArthur het 'n insiggewende waarskuwing gegee aan die einde van die Tweede wêreldoorlog. In sy toespraak voor die hooggeplaastes wat byeen was op die U.S.S. Missouri vir die seremonie wat die formele oorgawe van Japan bekragtig het, het MacArthur die welbekende woorde geuiter: "Militêre alliansies, magsewewigte, volkebonde, elkeen het op sy beurt misluk, die enigste pad wat oorbly is deur die smeltkroes van oorlog. Die uiterste vernietiging van oorlog skakel nou hierdie alternatief uit. Ons het ons laaste kans gehad. As ons nie 'n groter en meer regverdige stelsel kan bedink nie, dan is Armageddon voor ons deur".

Waar kom die term "Armageddon" vandaan? *Har Megiddo* is Hebreeus vir "die berg van Megiddo". Die Skrif openbaar dat Satan en sy demone die nasies sal beïnvloed om by Megiddo, ongeveer 88 kilometer noord van Jerusalem, byeen te kom om teen Christus te veg met Sy wederkoms! "Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God. Kyk, Ek kom soos 'n dief. Salig is hy wat waak en sy klere bewaar, sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie. En hulle [die geeste van demone] het hul versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word Armagéddon" (Openbaring 16:14-16).

Christus en Sy leër sal die opstandige en bose nasies oorwin. Die Prins van Vrede sal hierdie stryd tussen goed en kwaad wen. Die Koning van die konings, saam met die herrese heiliges, sal die Koninkryk van God op die planeet Aarde vestig, en sal al die nasies die weg van vrede, liefde en goddelike welvaart leer (Jesaja 2:2-4). In die "model-gebed" leer Jesus Christene om te bid, "laat U koninkryk kom" (Mattheüs 6:10). *Dít* is die koninkryk waarvoor ons bid!

**Beskerming vir ware Christene**

God belowe beskerming vir sy geestelik waaksame mense in die gevaarlike tye wat voorlê! Jesus vermaan ons: "Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan" (Lukas 21:36). Hoe kan ons dit doen? Ons behoort vertroue te hê in die Bybel se "profetiese woord wat baie vas is" (2 Petrus 1:19).

Tydens die groot verdrukking sal Jerusalem vir 42 maande deur die nasies vertrap word en die twee getuies sal vir 1,260 dae profeteer (Openbaring 11:2-3). God se mees getroue mense sal na 'n plek van veiligheid in die woestyn

geneem word vir 'n tyd, tye en 'n halwe tyd – drie-en-'n-half jaar – en die Diermoondheid sal voortbestaan deur hierdie 42 maande (Openbaring 12:13-17).

Ja, ons kan **weet** deur die apostel Johannes se visioene wat opgeteken is in Openbaring, dat die Messias **nie** sal terugkeer na die planeet Aarde voordat hierdie geprofeteerde gebeure plaasgevind het nie! Ons kan weet dat Christus nie in 2012 – of in 2013 of 2014 – sal terugkeer nie!

Ewenwel, ware Christene moet **altyd** in 'n toestand van geestelike paraatheid wees. Ons kan nie "wag tot later" om berou te hê en God te gehoorsaam nie. As ons sterf as opstandige sondaars wat willens en wetens die waarheid verwerp het, sal ons volgende bewustelike oomblik wees wanneer ons uit die dood opgewek word tot die oordeel van die Poel van Vuur (Openbaring 20:15). Indien ons egter sterf as ware en getroue Christene, sal ons volgende bewustelike oomblik in die opstanding wees, wanneer die sewende basuin weerklink – die "laaste basuin", soos beskryf in 1 Korintiërs 15:52 – wanneer vandag se getroue Christene gebore sal word in die Huisgesin van God as Geestelike Wesens.

God belowe dat ons geseënd sal wees as ons die waarhede wat in hierdie kragtige boek openbaar word, sal lees, hoor en bewaar (Openbaring 1:1-3). Bestudeer dus die boek van Openbaring, bly ná aan sy Openbaarmaker, Jesus Christus, en wees voorbereid op wat voorlê! WvM


# Openbaring:
## Die verborgenheid onthul!

***Baie beskou Openbaring as die boek in die Bybel wat die moeilikste is om te verstaan. Sommige mense maak die ingewikkelde vertellings en aanskoulike beskrywings as blote versinnebeelding af, terwyl andere aanneem dat dit vervloë geskiedenis oorvertel. Die waarheid is egter veel meer merkwaardig: Indien u Openbaring verstaan, kan u weet wat die toekoms vir ons wêreld inhou!***

Skryf in of skakel ons vandag nog om u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie te bekom!

# London Roep

## Olie-oorloë in die Suid-Atlantiese Oseaan?

### Deur Rod King

Ons dink gewoonlik aan "olie-oorloë" as iets wat beperk is tot die Midde-Ooste. Nog 'n oorlog van woorde, gefokus op die moontlike olie-rykdom in die Falklandeilande, verhoog kommer van 'n "olie-oorlog" in die Suid-Atlantiese oseaan.

Die Falklandeilande, bewoon deur Britse boere vir byna 200 jaar, is 'n eilandgroep, ongeveer 480 kilometer oos van die suidpunt van Suid-Amerika. Hoewel hulle 160 kilometer buite die aanvaarde limiet van 320 kilometer is, eis die nasie van Argentinië hierdie eilande op – wat hulle die Malvinas noem – as hulle eie. Argentinië grond sy aanspraak op Pous Alexander VI se Verdrag van Tordesillas in 1494, wat aan Spanje al die lande wes van 'n mid-Atlantiese meridiaan toegesê het, asook dat toe Argentinië onafhanklikheid van Spanje verklaar het in 1816, die regte op die eilande dus oorgegaan het na Argentinië.

Brittanje baseer sy aanspraak op die eilande – wat onder die laaste oorblyfsels van 'n ontbindende Britse Ryk tel – op Sir Richard Hawkins se 1594 verklaring dat die eilande Britse eiendom is, al was dit nie voor 1833 dat 'n nedersetting van Britse skaapboere, in diens van die *Koninklike Falklandeiland Kompanjie*, op die eilande aangekom het nie.

Argentinië het die eilande vir 'n totaal van 74 dae in 1982 beset gedurende die Falkland-oorlog, maar Brittanje het besit daarvan herwin. Hoewel die 1994-hersiening van die Argentynse grondwet Argentinië se aanspraak op die eilande verder herhaal het, het die Argentynse regering gesê dat hul geen planne het om die gebied militêr weer te beset nie.

Dus, wat sal van die Falklandeilanders word? Sal dit vir hulle nodig wees om 'n blitskursus in Spaans te neem of om hulle self voor te berei om aan die ander kant van die pad te ry?

Die Britse Eerste Minister, David Cameron, het onlangs gesê: "Die absoluut belangrike punt is, ons is daarmee eens dat die toekoms van die Falkland-eilande 'n saak is vir die mense self, en so lank as wat hulle deel wil bly van die Verenigde Koninkryk en Brits wil wees, moet hulle in staat wees om dit te kan doen" ("David Cameron accuses Argentina of 'colonialism' over Falkland Islands", *The Telegraph,* 14 Mei 2012).

**Olie-oorloë?**

Eerder as om militêr op te tree, het Argentinië sy pogings daarop toegespits om besitreg van Groot-Brittanje weg te skeur deur 'n wettige eis deur die Verenigde Nasies te loods, vergesel van 'n goed-geoliede media-veldtog. "Goed-geolie" mag inderdaad 'n gepaste woordspeling wees om die huidige situasie te beskryf, noudat 'n Britse maatskappy sy ontdekking van olie in die see rondom die eilande aangekondig het. Die Britse olie-verkenningsmaatskappy, *Rockhopper*, glo daar kan 1,2 miljard vate olie beskikbaar wees vir ontginning. *Rockhopper* is op soek na vennote om die olie te pomp teen 'n beraamde koste van US $2 miljard, met die vooruitsig om gesonde winste te maak.

Een so 'n potensiële vennoot wat onder bespreking was, is die Amerikaanse firma *Anadarko Petroleum*. As gevolg van diplomatieke sensitiwiteit, kan 'n vennootskap met 'n Amerikaanse firma egter die balans van geopolitieke druk ten gunste van die Britte laat swaai. Die Argentynse President, Cristina Fernandez de Kirchner het haar kommer uitgespreek, tesame met haar Minister van Buitelandse Sake, Hector Timmerman, wie Britse banke gewaarsku het om nie betrokke te raak nie, en hy het gedreig met regstappe teen enige firma wat wil meedoen aan die vergrype na olie.

Indien 'n Amerikaanse olie-

maatskappy betrokke sou raak in olie-boordery in die Falkland-eilande, sal groot dele van die Suid-Amerikaanse kontinent in woede kan uitbars, en Amerika en Brittanje beskuldig van "ekonomiese imperialisme" teen Argentinië – 'n relatiewe swak lid van Suid-Amerika se Mercosur handelsblok. Nogtans, sonder die werklike bedreiging van militêre mag agter die uitdrukking van woede, sal enige oorlogspropaganda eenvoudig "warm lug" wees. Britse olie-ontginners vertrou op hulle gevoel dat die werklikheid baie sterker is as retoriek.

Hoeveel olie kan daar dus wees binne die gebied van die Falklandeilande? Tussen ongeveer 400 en 500 miljoen vate olie is bevestig, maar ramings dui daarop dat 'n olieveld bekend as die "Seeleeu"-veld tot 1,2 miljard vate kan oplewer, met nog 'n ander veld verder suid, om die totaal op 8,5 miljard vate tot stand te bring. Tog, ten spyte van die vooruitskattings, het die gebied nog nie bewys dat dit ekonomies winsgewend sal wees nie, en 'n onlangse verslag het aan die lig gebring dat "*Desire Petroleum and Border & Southren Petroleum*, twee van die vyf Londen-genoteerde verkennings-maatskappye met belange in die eilandgroep, onlangs jaarlikse voor-belastingverliese van $42,5 miljoen en $1,7 miljoen onderskeidelik, aangekondig het" ("*UK explorers struggle to strike Falklands oil*", *The Guardian*, 2 April 2012).

Is daar 'n voorbeeld vir 'n vreedsame oplossing vir die konflikte van die Argentynse en Britse olieveld aansprake? Sommige kenners meen dat 'n oplossing vir die probleem soortgelyk kan wees as die vriendskaplike hantering van die Bonaparte-vallei olie- en gas-velde waarop beide Australië en Oos-Timor aanspraak gemaak het. In daardie geval, het Australië ruim toegewings gemaak aan Oos-Timor, een van die wêreld se nuutste en armste lande. Die bepalings van die 2002 Timor Seeverdrag het aan Oos-Timor 90% van die inkomste uit die *Joint Petroleum Development Area* (JPDA) en 'n 50% aandeel in die *Greater Sunrise* gas reservoirs gegee. Sal so 'n onderhandelde skikking in die Falklandeilande werk? Slegs die tyd sal leer.

**Seepoorte in gevaar**

Sowat 300 jaar gelede het Groot-Brittanje begin om sy strategiese vlootbelange bymekaar te maak. Die geografiese en kommersiële belangrikheid van hierdie "seepoorte" beteken dat die Koninklike Vloot nie slegs sou "heers oor die golwe" nie, maar ook 'n belangrike strategiese voordeel sou hê oor sy vyande in tye van oorlog en 'n belangrike kommersiële voordeel in tye van vrede.

Namate die Britse Ryk gegroei het, het die Suezkanaal, Singapoer, die Kaap van Goeie Hoop, Aden, Malakka, Ceylon, die Falklandeilande – en, natuurlik, die heel belangrikste van almal, Gibraltar – Britse besittings geword. Toegang tot die Middellandse See was beheer deur die Britse militêre mag en skepe wat rondom al die wêreld se suidelike kape gevaar het, was onder die wakende oog van die Koninklike vlag. Intussen het Amerika die Panamakanaal as 'n strategiese "seepoort" gehad, sowel as die Filippynse Eilande.

Wat die meeste mense nie weet nie, is dat dit God is wat hierdie belangrike poorte – "wurgpunte" van die wêreld – aan die nageslag van Josef, die seun van Jakob (Israel), gegee het. God het aan Abraham, die aartsvader, belowe "dat Ek jou ryklik sal seën en jou nageslag grootliks sal vermeerder soos die sterre van die hemel en soos die sand wat aan die seestrand is; en jou nageslag sal die poort van sy vyande in besit neem" (Genesis 22:17). Hierdie beloftes in verband met "geboortereg" was oorgedra aan Isak en Jakob, en was uiteindelik gegee aan Josef se twee seuns, Efraim en Manasse. Dit is die afstammelinge van hierdie twee seuns van Josef, wat vandag Groot-Brittanje en die Verenigde State van Amerika geword het. Om meer te leer oor hierdie belangrike sleutel tot begrip van Bybelprofesie, lees gerus ons gratis boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* U kan dit aanlyn lees op ons webwerf

***Vervolg op bladsy 26***

# Die Groot Legkaart

## Deur Dexter B. Wakefield

***Was u in staat om die waarheid saam te stel uit die stukkies wat u gevind het?***

Het u al ooit probeer om 'n groot prentjie-legkaart te bou – die soort wat gekry word as honderde los stukkies in 'n kartondoos? Gewoonlik is daar buite op die doos 'n foto van hoe die legkaart sal lyk wanneer dit ten volle aanmekaar gesit is, sodat u kan weet hoe die finale produk sal lyk nadat u daaraan gewerk het om elkeen van die verskillend-gevormde stukkies in sy regte plek in te pas. Dit kan baie uitdagend wees, omdat elke stukkie in presies die regte plek van die prentjie moet kom anders sal dit nie die regte resultaat oplewer nie. Dit kan egter baie bevredigend wees wanneer elke stukkie stewig in sy behoorlike plekkie inglip, om 'n volledige prentjie te vorm.

In die samestelling van hierdie soort legkaarte is dit moontlik om eers die buiterand-stukke in te pas om so die buitekant van die prentjie te vorm, maar daarna moet u staatmaak op hoe u weet die prentjie moet lyk, ten einde die magdom stukkies in hul regte plekke te kan inpas. Wat daarvan as u die legkaart moet saamstel sonder 'n foto buite op die doos? Dit sou baie moeilik wees. Dink net hoeveel moeiliker dit sou wees as nog 'n komplikasie bygevoeg word – indien iemand sommige van die oorspronklike stukkies uit die doos verwyder het, dan 'n klompie stukkies van 'n *ander legkaart* bygevoeg het? Daardie nuwe stukkies sal nêrens inpas nie. U sal óf 'n gedeeltelike prentjie vol gate saamstel, óf u sal 'n deurmekaar prentjie saam forseer, waarin baie stukkies sal lyk of hulle nie goed inpas nie. U sou nooit weet hoe die oorspronklike prentjie veronderstel was om te lyk nie.

**'n Ander soort legkaart**

Vandag se wêreld is vol godsdienstige verwarring en mense voel dikwels asof hulle besig is om 'n moeilike legkaart te bou. Indien u op 'n Sondag-oggend na die televisie kyk, sal u prediker na prediker sien wat verskillende leerstellings voorhou. Dit lyk asof daar net soveel verskillende "evangelies" is as wat daar predikante is. Hul uiteenlopende leerstellings bied verskillende weergawes van wat God kwansuis van ons sou verwag, sowel as allerhande soorte idees oor ons toekoms. U mag 'n boodskap hoor aangaande "die ewigheid in die hemel", of "die sosiale evangelie", of "die welvaart evangelie".

Indien u na die verskillende idees luister, mag u wonder: Sal Christus werklik terugkeer om die Koninkryk van God op die aarde te vestig, soos die Bybel ons leer? Of is dit bloot 'n versinnebeelding vir 'n "koninkryk" in mense se harte, soos sommige predikers beweer? Sal die koninkryk van God sy hoofkantoor in Jerusalem hê? Of is dit 'n bestaande organisasie met sy hoofkantoor in Rome? Die baie teenstrydige idees kan nie almal waar wees nie, dit kan baie verwarrend wees vir diegene wat op soek is na die waarheid. Gelukkig weet ons uit die Skrif: "... God is nie 'n God van wanorde nie, maar van vrede, soos in al die gemeentes van die heiliges" (1 Korinthiërs 14:33).

God wil nie hê dat Sy mense verward moet wees nie. Ons behoort dus in staat te wees om "die legkaart te kan bou" en die prentjie te sien wat God wil hê ons moet sien. Sal die meeste mense egter in staat wees om dit te doen? Die Skrif sê hulle sal nie. God het die profeet Jesaja geïnspireer om die situasie van die wêreld só te beskryf: "Vir wie wil hy dan kennis leer, en vir wie wil hy die openbaring verstaanbaar maak? Vir die wat van die melk gespeen, wat van die moederborste weggeneem is? Want dit is gebod op gebod, gebod op gebod, reël op reël, reël op reël, hier 'n bietjie, daar 'n bietjie. Ja, Hy sal deur lippe wat hakkel, en deur 'n vreemde tong met hierdie volk spreek, Hy wat aan hulle gesê het: Dit is die rus, gee rus aan die vermoeides, en dit is die verkwikking. Maar hulle wou nie luister nie. Daarom sal

die woord van die HERE vir hulle wees gebod op gebod, gebod op gebod, reël op reël, reël op reël, hier 'n bietjie, daar 'n bietjie, sodat hulle kan heengaan en agteruit struikel en verbreek en verstrik en gevang word" (Jesaja 28:9-13).

**Stukkies verwyder, bygevoeg en verander**

Historici weet dat valse leraars na Jesus Christus se opstanding baie stukkies van die "Christelike" legkaart deur die jare heen grootliks verander het. Protestantse skrywer Jesse Lyman Hurlbut erken die grondliggende verandering wat plaasgevind het in die Christelike Kerk. Hy skryf: "Vir 50 jaar na Paulus se lewe hang 'n gordyn oor die kerk, waardeur ons vergeefs streef om na te kyk; wanneer dit in 120 n.C. uiteindelik lig met die geskrifte van die vroegste kerkvaders, vind ons 'n kerk wat in vele aspekte baie verskil van dié in die dae van Petrus en Paulus" (*The Story of the Christian Church*, bl. 33).

Wysigings het oor die volgende twee eeue toegeneem, tot die punt waar, in 364 n.C., by die Raad van Laodicea, verskeie fundamentele kernoortuigings van Christelikheid as *vervloek* verklaar is deur die opvolgende Roomse kerk. In baie gevalle is oorspronklike leerstellings en praktyke wat deur Christus en die Apostels geleer is, vervang met "verchristelike" weergawes van heidense gebruike, wat toe die nuwe "ortodoksie" geword het. Gedurende hierdie tydperk in die geskiedenis is gesien hoe baie mense wat vasgehou het aan "die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is" (Judas 3) vervolg en doodgemaak is.

Soos die gerespekteerde historikus, Will Durant, skryf: "*Die Christendom het nie die heidendom vernietig nie, maar dit aangeneem*. Die sterwende Griekse verstand het tot 'n transmigreerde lewe gekom in die teologie en liturgie van die kerk; ... Ander heidense kulture het bygedra tot die saamgesmelte resultaat. Die idees van 'n goddelike drie-eenheid het gekom vanaf Egipte ... en 'n persoonlike onsterflikheid van beloning en straf; van Egipte kom ook die verering van die Moeder en Kind en die mistieke teosofie wat Neoplatonisme en Gnostisisme gemaak en die Christelike geloof verberg het; vandaar het ook die Christelike kloosterwese sy voorbeelde en oorsprong gevind. Van Frigië het die aanbidding van die Groot Moeder gekom; van Sirië die opstandingsdrama van Adonis .... *Christelikheid* [soos die meeste mense dit vandag verstaan] *was die laaste skepping van die antieke heidense wêreld* ... die Christendom het die laaste en grootste van die geheimsinnige godsdienste geword" (*The Story of Civilization*, Vol. III, bll. 595, 599).

**Die Bybelse Sabbat**

Een belangrike "verlore stukkie" wat min mense vandag besef, is dat Jesus en sy eerste volgelinge onderhouding van die sewende-dag Sabbat verkondig en uitgeleef het (Lukas 4:16; Handelinge 17:1-2). Deur die onderhouding van Sondag volg u nie Christus se voorbeeld nie. Dit is 'n geskiedkundige feit dat die oorspronklike, eerste eeuse Kerk van God **al tien** van die Tien Gebooie onderhou het, insluitende die een wat lui: "*Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig*". Daardie gebod gaan voort om ons presies te sê *wanneer* ons dit moet doen en herinner ons daaraan dat die sewende dag die "sabbat van die HERE jou God" is. Ons word dan aangesê om die dag op 'n besondere wyse heilig te hou: "... *dan* mag jy géén werk doen nie" (Eksodus 20:8-11). Om op die Sabbat te werk, ontheilig iets wat heilig is.

Is hierdie 'n Nuwe-Testamentiese lering? In die Nuwe-Testamentiese boek Hebreërs, leer Paulus Christene: "Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God" (Hebreërs 4:9). *Nêrens in die Ou of die Nuwe Testament word ons geleer dat die Sabbat ooit ontheilig was nie*. Trouens, Paulus het die Sabbat heilig gehou na Jesus se dood en opstanding (Handelinge 13:14, 27, 42), die Skrif wys daarop dat die sewende-dag Sabbat deur alle mense heilig gehou sal word in die Koninkryk van God (Jesaja 66:23).

Wat het verander? Historici weet dat, veral nadat die Romeinse leërs die tweede

Tempel in Jerusalem in 70 n.C. vernietig het, baie mense wat hulself Christene genoem het, toenemend probeer het om te voorkom dat hulle geassosieer word met die vervolgde Jode. Een manier om dit te doen, was om 'n ander dag van aanbidding aan te neem. Die gevolg hiervan was, soos die historikus Edward Gibbon skryf: "Die ernstige aard van die Joodse Sabbat is oorgedra na die Christelike Sondag wat dit vervang het in die tweede eeu" (*The Decline and Fall of the Roman Empire*, vol. 1, bl. 599). Die eerste eeuse Kerk het die Sabbatdag geheilig, maar teen die tweede eeu het toenemende getalle afgedwaal van wat Christus en die Apostels geleer en beoefen het.

Volgens watter gesag kon die dag van aanbidding verander word van dít wat Jesus Christus ons Self geleer het? Die Rooms-Katolieke Kerk erken ruiterlik dat die verandering gemaak is op eie gesag. Let op hierdie uittreksel uit *The Convert's Catechism of Catholic Doctrine*: "Vraag: Watter dag is die Sabbatdag? Antwoord: Saterdag is die Sabbatdag. Vraag: Hoekom onderhou ons Sondag in plaas van Saterdag? Antwoord: Ons onderhou Sondag in plaas van Saterdag omdat die Katolieke Kerk, in die Raad van Laodicea [ca. 364 n.C.] die eerbiedwaardigheid van Saterdag oorgedra het na Sondag" (3de uitgawe, bl. 50).

Die Raad van Laodicea het almal *vervloek* verklaar wat geweier het om te werk op die sewende-dag Sabbat of die jaarlikse Bybelse Heilige Dae, wat ook Sabbatte van rus is (Levitikus 23:1-4). Hierdie verklaring het vervolging van diegene wat steeds vasgehou het aan Christus se oorspronklike leerstellings vererger, diegene wat nie as ketters doodgemaak is nie, het verstrooid geraak. Sondag-onderhouding het die nuwe ortodoksie geword, 'n belangrike "stuk" van die ware Christelike prentjie was verruil vir 'n nuwe stuk wat 'n heel ander prentjie voorstel.

## Die Evangelie van die Koninkryk van God

Nog 'n lewensbelangrike stukkie van die legkaart behels Christus se werklike boodskap: "En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die *evangelie van die koninkryk van God* verkondig" (Markus 1:14). Dus, wat is die "evangelie van die koninkryk van God"? Moderne predikante bied 'n verskeidenheid van "evangelie"-boodskappe.

Waarom soveel verwarring? Die apostel Paulus waarsku aangaande hierdie situasie: "Ek verwonder my dat julle so gou afvallig word van hom wat julle deur die genade van Christus geroep het, na *'n ander evangelie toe, terwyl daar geen ander is nie; behalwe dat daar sommige mense is wat julle in die war bring en die evangelie van Christus wil verdraai*" (Galasiërs 1:6-7). Dít is die evangelie *waarop ons saligheid berus*. Wat is dit? Christus se evangelie – Sy "goeie nuus" – verkondig die toekomstige Koninkryk van God, waarvoor Hy sal terugkeer na die aarde om Hom te vestig en te regeer vanaf Sy troon.

Die Ou en Nuwe Testamente beskryf beide die Koninkryk van God as 'n *regering hier op die aarde,* hoewel die meeste belydende Christene hierdie siening in die eerste paar eeue na Christus verwerp het. Die historikus Gibbon skryf: "Die antieke en gewilde leerstelling van die Millennium was nou verbind met die tweede koms van Christus. Soos die werke van die skepping in ses dae voltooi is, is hul duurte in hul huidige staat, volgens 'n tradisie wat aan die profeet Elia toegeskryf is, vasgestel op 6,000 jaar. Deur dieselfde analogie word afgelei dat hierdie lang periode van arbeid en twis, wat nou byna verstreke is, opgevolg sal word deur 'n vreugdevolle Sabbat van 'n duisend jaar, en dat Christus, saam met die triomfantlike groep heiliges en uitverkorenes wat die dood vrygespring het, of wat wonderbaarlik opgewek is, op die aarde sal heers tot die vasgestelde tyd van die laaste en algemene opstanding ... Die opbou van die kerk was egter byna voltooi toe die tydelike ondersteuning ter syde gestel is. Die leerstelling van Christus se heerskappy op aarde was eers beskou as 'n diepgaande versinnebeelding, met verdrag was dit beskou as 'n twyfelagtige en nuttelose opinie, en laastens verwerp as die absurde uitvinding van dwaalleer en

dweepsug" (Gibbon, hoofstuk 15, bll. 403-404).

Dit was nie sommer 'n obskure leerstelling nie, selfs die apostel Johannes het die profesie van die vestiging van God se koninkryk op die aarde aangeteken: "En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid" (Openbaring 11:15). Jesus het toe Hy met Sy dissipels gepraat het, gesê: "En dit is julle wat altyddeur by My gebly het in my versoekinge. En Ek beskik vir julle 'n koninkryk soos my Vader dit vir My beskik het, sodat julle kan eet en drink aan my tafel in my koninkryk en op trone sit om die twaalf stamme van Israel te oordeel" (Lukas 22:28-30). Dit is duidelik dat Jesus 'n letterlike Koninkryk – op die aarde – beskryf het, die goeie nuus wat Hy en Sy dissipels verkondig het. Die Bybel praat van voor tot agter van hierdie Koninkryk.

**Opstanding of onsterflikheid van die siel?**

Die aard van die menslike siel is 'n ander verlore stukkie in die meeste mense se prentjie van Christelikheid. Ons het almal beskrywings gehoor van mense se sogenaamde onsterflike siele wat opvaar na die hemel of neerstort in 'n vurige hel, die oomblik van afsterwe. Volgens hierdie siening sal liggaamlose siele wat tussen wolke ronddryf of vir ewig in vlamme brand, nooit ophou om te bestaan of om hul bewussyn te verloor nie.

In die lig van hierdie algemene prentjie, kan u wonder hoekom die Bybel so duidelik en konsekwent die dooies se opwekking beskryf asof hulle opgewek word uit 'n soort van bewustelose slaap. Die geskiedenis toon dat baie belydende Christene, deurtrek met Griekse idees van die onsterflike siel, hierdie oortuiging ingevoer het in die veranderende panorama van geloof wat hulle "Christelikheid" genoem het, al word so 'n oortuiging nêrens in die Bybel onderrig nie.

Die term "onsterflike siel" is nie eens in die Bybel te vinde nie, en baie agtenswaardige geleerdes erken dat die onsterflike siel nie 'n Bybelse leerstelling is nie. Selfs Martin Luther, die bekende "vader van die Hervorming", sê oor hierdie saak. "Dit is moontlik, volgens my opinie, dat, met baie min uitsonderings, die dode inderdaad slaap in volslae onbewustheid, tot op die dag van oordeel ... Op watter gesag kan gesê word dat die siele van die dooies moontlik nie slaap nie ... op dieselfde manier as wat die lewendes die tyd verwyl in diepe slaap vandat hulle in die aand gaan lê totdat hulle weer wakker word in die oggend"? (Michelet, *Life of Luther*, Bohn se uitgawe, bl. 133).

Die Lutherse kerk, (net soos die meeste ander Protestante) aanvaar egter nie hierdie perspektief nie en aanvaar in die plek daarvan die onbybelse idee dat 'n "onsterflike siel" wat by die oomblik van afsterwe, óf na die hemel óf na die hel gaan.

Wat het die Jode van Jesus se tyd oor hierdie saak geleer? "Die oortuiging dat die siel bly voortbestaan na die ontbinding van die liggaam is 'n kwessie van filosofiese of teologiese spekulasie, eerder as eenvoudige geloof en word gevolglik nêrens uitdruklik in die Heilige Skrif geleer nie ... Die geloof in die onsterflikheid van die siel het na die Jode gekom deur kontak met die Griekse denke en hoofsaaklik deur die filosofie van Plato. Hy was die vernaamste eksponent daarvan en was daartoe gelei deur Orfiese en Eleusinianiese geheimenisse waarin Babiloniese en Egiptiese sienswyses vreemd vermeng is" (*Jewish Encyclopedia*, 1906 ed.). Met ander woorde, Jode wat hierdie geloof aangeneem het, het dit van die omliggende heidense godsdienste aangeneem.

Wat leer die Bybel ons aangaande die siel? In die Ou Testament lees ons: "Want die lewendes weet dat hulle moet sterwe, maar die dooies weet glad niks nie" (Prediker 9:5). Die Nuwe Testament leer ons: "Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie. Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring" (1 Thessalonicense

4:13-14). Die Skrif leer ons die dooies moet "met onsterflikheid beklee word" (1 Korinthiërs 15:53) met hul opstanding in die Koninkryk van God tydens die wederkoms van Jesus Christus as "die Koning van die konings en Here van die here, *wat alleen onsterflikheid besit*" (1 Timótheüs 6:15-16).

Let op hoe hierdie "stukkie legkaart" koppel aan ander stukkies. Opgewekte Christene besit nie onsterflike siele wat "in die hemel ronddryf met niks om te doen nie" – hulle sal Jesus Christus bystaan in die Koninkryk van God!

**U kan "die prentjie verstaan"**

Die eerste eeuse Kerk van God is geleer "om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is" (Judas 3). Hulle moes "stry", want dit sou 'n stryd wees om vas te hou aan wat Jesus Christus en die Apostels hul geleer het. Hulle het alreeds "die hele raad van God" ontvang (Handelinge 20:27). Hulle het dus besit wat hulle nodig gehad het om aan vas te hou toe vals leraars begin het om stukkies van die legkaart weg te neem, selfs om die prentjie te verander.

Ons kan ook dieselfde prentjie sien wat God aan die eerste Christene gegee het. Om dit egter te doen, moet ons bereid wees om die stukkies wat nie daar hoort nie, uit te gooi en die oorspronklike stukkies weer terug te plaas. Die ware Kerk van God het nog altyd die oorspronklike stukkies gehad, en hulle kan in die Bybel en in die geskiedenis opgespoor word.

Wat openbaar die prentjie? Soos ons gesien het bereik dit 'n hoogtepunt in die Koninkryk van God, wat Jesus Christus met Sy wederkoms sal vestig. Terwyl ons op daardie Koninkryk wag, het God aan ons Sy plan vir die mensdom geopenbaar. Ons word elke jaar daaraan herinner deur die onderhouding van die Pasga en die jaarlikse Heilige Dae wat in Levitikus 23 gelys word. Hierdie dae beeld die verwydering van sonde uit ons lewens, die ontvangs van die Heilige Gees, die wederkoms van Christus, die binding van Satan, die toekomstige duisendjarige heerskappy van Christus en die finale oordeel van almal wat nog ooit gelewe het, uit. Die vroeë kerk het hierdie feeste onderhou (Handelinge 2:1-4; 18:21; 1 Korinthiërs 5:8), en die Kerk van God – "geestelike Israel" – onderhou dit nog steeds vandag. Die weeklikse en jaarlikse Sabbatte is deel van die "geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is" en is lewensbelangrik vir ons om te verstaan.

Wanneer ons al die stukkies van die legkaart saamgevoeg het, kan ons sien wat die eerste eeuse Christelikheid werklik was, asook verstaan wat God se Kerk vandag moet doen. Indien God u denke geopen het vir Sy waarheid, kan wat eens 'n legkaart was, 'n duidelike prentjie word wat u lewe vir ewig sal verander! WvM

# Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

*Vervolg vanaf bladsy 22 – Waar kom die heelal vandaan?*

die Skrif die ewige en bonatuurlike Skepper van alle dinge! Die psalmdigter besing God: "As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre wat U toeberei het" (Psalm 8:4).

Wanneer die kind – of die fisikus – die vraag vra: "Waar het die heelal vandaan gekom?", kan ons met vertroue antwoord: Die heelal kom van die denke en krag van die Almagtige God van die ganse skepping, vir Sy groot doel en heerlikheid en vir die vervulling van Sy plan met ons lotsbestemming! WvM

# Tekens van die tye

## Deur Michael Heykoop

*"Red sky at night, sailor's delight. Red sky at morning, sailors take warning".*

Vir eeue het mense besef dat dit voordelig sou wees om in staat te wees om die tekens van die tye te lees, om toekomstige gebeure te voorspel. Soms kan die tekens duidelik wees vir almal om te sien, maar net diegene wat in staat is om hulle in die regte konteks te plaas, kan verstaan wat dit vir die toekoms beteken!

Matrose, en ander mense wie se lewens afhang van die see, het geleer dat 'n rooi lug in die oggend 'n heel ander betekenis het as 'n rooi lug in die aand. Aangesien die meeste weerpatrone van wes na oos beweeg, beteken 'n rooi lug in die aand – wanneer die son sak in die weste – dat daar mooi weer voorlê. In teenstelling hiermee, beteken 'n rooi lug in die oggend dat die son teen die onderkant van naderende stormwolke skyn.

Jesus Christus verwys na hierdie einste verskynsel wanneer Hy met die Fariseërs en Sadduseërs praat. "In die aand sê julle: Mooi weer, want die lug is rooi. En in die môre: Stormweer vandag, want die lug is donkerrooi" (Mattheüs 16:2-3).

Die Fariseërs en Sadduseërs het 'n sekere mate van insig gehad, wat hulle in staat gestel het (onder andere) om die komende weerpatrone te lees. Hulle was nogtans nie so wys as wat hulle gedink het hulle is nie. Christus het hulle bestraf vir hul onvermoë om die tekens van die tye waarin hulle geleef het, te lees. "Geveinsdes, julle weet wel om die voorkoms van die lug te onderskei, en kan julle nie die tekens van die tye *onderskei* nie?" (Mattheüs 16:3). Hulle het gewag dat die Messias moes verskyn, maar kon Hom nie eien toe Hy reg voor hulle gestaan het nie! Later het Christus 'n soortgelyke gesegde gebruik om Sy dissipels te leer hoe om op die uitkyk te wees vir Sy wederkoms (Mattheüs. 24:32-35). Hy het aan hulle vertel wat die tekens is wat Sy wederkoms en die einde van die tydperk, sal vergesel (Mattheüs 24:3).

Hou u die tekens van die tye dop? Sien u die storm wat op die horison broei? Paulus skryf dat, aan die einde van hierdie tydperk, "swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het" (2 Timótheüs 3:1-5). Watter ander tydperk kan dit beskryf behalwe die huidige een? Die profeet Daniël beskryf die einde van die tyd as 'n tyd wanneer "baie dit [sal] deursoek, en die kennis sal vermeerder" (Daniël 12:4). Die NKJV vertaling stel dit so: "Baie sal heen en weer hardloop, en kennis sal vermeerder". Dink aan die vooruitgang in die vervoerwese gedurende die afgelope eeu, asook die ontploffing van kennis wat deur die digitale tyd plaasgevind het.

Aanbieders en skrywers van die *Tomorrow's World* bied 'n reeks insiggewende byeenkomste aan om intekenare te help om die gevaarlike tyd waarin ons leef, beter te verstaan, sowel as God se wonderbaarlike plan om die mensdom te red van wat andersins beslis algemene uitwissing sou wees. Onder die titel, "*The Gathering Storm*", word hierdie byeenkomstes in stede regoor Amerika en Kanada gehou. In Julie en Augustus van 2012 is aanbiedings oor Amerika gehou in Albany, New York; Albuquerque, New Mexico; Oklahoma City en Tulsa, Oklahoma; Reno, Nevada; Sacramento, California en Worcester, Massachusetts. In Kanada, is aanbiedings gehou in Winnipeg, Manitoba en in

***Vervolg op bladsy 26***

# Die Werk van Sy hande

## Waar kom die heelal vandaan?

**Deur Wallace G. Smith**

Dit is bekend dat wyle Carl Sagan, die bekende sterrekundige en kosmoloog, sy bekroonde boek, *Cosmos,* begin het met 'n gewaagde bewering: "Die kosmos is al wat is of ooit was of ooit sal wees". Die grootheid wat ons sien wanneer ons ons teleskope op die ruimte rig, kan veroorsaak dat ons nederig voel deur sulke verhewe verklarings.

Danksy vooruitgang in astronomie en foto's vanuit die ruimte-gebaseerde Hubble-teleskoop, kan 'n gesin dit deesdae buite waag op 'n donker nag, weg van stads-liggies, dan kan ouers aan grootoog kinders verduidelik dat uitgestrekte ruimtes anderkant die ontelbare sterre lê wat hulle daarbo sien – nie net sterre nie, maar miljarde der miljarde sterrestelsels, nebulae, quasars, pulsars en ander verstommende verskynsels – 'n ontelbare versameling van wêrelde in 'n skynbaar oneindige verskeidenheid wat verspreid is oor 'n heelal van ontsaglike, ondenkbare grootte!

Verstom deur so 'n geweldige skoonheid, kan 'n nuuskierige kind natuurlik aan sy of haar ouers 'n eenvoudige vraag stel: "Waar het die heelal in die eerste plek vandaan gekom?"

Waarvandaan, inderdaad? In hierdie geval, is 'n kind se vraag 'n wetenskaplike se dilemma. Soos die tydskrif, *New Scientist,* in sy uitgawe van 13 Januarie 2012 beweer, kan mens dit "Die Genesis probleem" noem: "Sonder 'n ontsnap klousule moet fisici en filosowe uiteindelik antwoord op 'n probleem wat al vir die beste deel van 50 jaar by hulle spook: Hoe kry mens 'n heelal, volledig met die wette van fisika en al, uit niks uit?"

**'n Uitdyende heelal?**

Mense was in staat om die rand van die kosmos te aanskou, het die verborge wette wat in hierdie wonderlike, ordelike heelal werk ondersoek, maar nie eens die mees geskoolde wetenskaplikes was in staat om aan te toon waar die heelal vandaan kom, waarom dit hier is, of waarom dit is soos dit is nie.

Vir 'n tyd lank was sulke soort vrae beskou as die gebied van filosowe en teoloë. Volgens wetenskaplikes, kan die heelal eenvoudig net as gegewe aanvaar word, en baie het dit beskou as ewig. Alles het egter verander in die 1920's, toe die Belgiese astrofisikus, Edward Lemaître, 'n verrassende ontdekking gemaak het.

Terwyl hy met die Einstein veldvergelykings gewerk het – wiskundige formules wat die Nobelprys-wennende fisikus, Albert Einstein, afgelei het van sy bekende algemene relatiwiteitsteorie – het Lemaître tot die gevolgtrekking gekom dat as Einstein se karakterisering van ruimte, tyd en materie korrek was, dan was die heelal nie van ewigheid af gebalanseerd en staties nie. Inteendeel, dit moes uitgedy het met verloop van tyd! Nog meer ontstellend, die vergelykings het getoon dat die heelal kleiner was in die verlede en dat – indien vêr genoeg teruggekyk word in die verlede – die heelal toe 'n oneindige warm, oneindige digte, oneindige klein puntjie was, wat Lemaitre 'n "oer-atoom" genoem het. Indien dit op hierdie manier verstaan word, toon Einstein se vergelykings dat die ontsaglike groot heelal en alles daarin, elkeen van die miljarde der miljarde planete, sterre, en sterrestelsels – selfs ook die ruimte self – 'n begin gehad het as 'n oneindige klein puntjie, kleiner as die kleinste subatomiese deeltjie.

Aan die begin was Lemaître se gevolgtrekkings oor die algemeen verwerp. Die befaamde sterrekundige, Fred Hoyle, het die spot gedryf met die idee van 'n heelal wat uitgedy het van 'n mikroskopiese beginpunt en dit spottend "die oer-knal" genoem. Selfs Einstein het na bewering aan

Lemaître gesê: "Jou wiskunde is goed, maar jou fisika is verskriklik". Die idee van 'n nie-ewige heelal, wat op een of ander manier "tot stand gebring" is, was vir party wetenskaplikes 'n ongemaklike weerklank van die openingswoorde van die Bybel: "In die begin het God die hemel en die aarde geskape" (Genesis 1:1).

Dat 'n stowwerige, antieke geskrif – algemeen verwerp as onbetroubaar en onwaardig om oorweeg te word deur die wetenskap – so 'n voorsprong het bo moderne kosmologie was, om die minste te sê, ontstellend vir "gesofistikeerde" wetenskaplikes.

Tog, binne 'n dekade, het klinkklare data en wetenskaplike waarneming Lemaître se gevolgtrekkings bevestig. Sterrekundige Edwin Hubble het ontdek dat liggolwe wat planeet Aarde van verre sterrestelsels af bereik, op 'n besondere manier verskuif word, in ooreenstemming met Lemaître se teorie. Net soos die klankgolwe van 'n trein se fluit verander van 'n hoë toonhoogte na 'n laer toonhoogte wanneer die trein verby 'n waarnemer langs die spoor verbygaan, so toon die "rooi verskuiwing" van liggolwe van verre sterrestelsels dat dié sterrestelsels van ons af weg beweeg, in 'n uitdyende heelal.

Teen die 1960's, het fisici Arno Penzias en Robert Wilson, 'n flou, eenvormige uitstraling in die heelal opgespoor wat volmaak pas by Lemaître se teorie van 'n kosmos wat 'n beperkte aantal jare gelede begin het as 'n oneindige klein "saadjie", voor dit uitgedy het tot vandag se heelal. Penzias en Wilson het, in effek, die "eggo" ontdek wat Hoyle minagtend gedoop het as die "oer-knal" – die oomblik van die heelal se skepping.

**Skokkende implikasies**

Vandag word die "oer-knal" as vanselfsprekend aanvaar as een van die mees gevestigde wetenskaplike teorieë. Wat eens skokkend vir wetenskaplikes was, is nou algemeen aanvaar – ons heelal was nie altyd hier nie, en daar was 'n oomblik van "skepping" toe alles – letterlik alles – op een of ander manier tot stand gekom het.

Nogtans het die implikasies van hierdie goed-gedokumenteerde teorie – die "Genesis probleem" – fisici nie enigsins beter laat voel nie. Soos *New Scientist* opgemerk het, "Die oer-knal is nou deel van die huisraad van moderne kosmologie, maar Hoyle se ongemak het nie weggegaan nie. Baie fisici veg al vir dekades 'n agterhoedegeveg daarteen, hoofsaaklik as gevolg van die teologiese ondertoon. Indien daar 'n oomblik van skepping is, is daar dan nie 'n Skepper nodig nie?" (13 Januarie 2012).

Daardie "agterhoede"-geveg duur vandag nog voort. Baie teorieë is al aangevoer om 'n "skeppingsoomblik" te vermy – wat wissel van verskeie heelalle tot 'n kosmos wat uitsit en inkrimp in eindelose kringlope, tot "kosmiese eiers" wat geboorte skenk aan heelal "kinders" – maar geen ander teorie pas die feite soos 'n heelal wat op 'n oomblik in tyd begin het nie. In hul April 2012 geskrif: "*Het die heelal 'n begin*?", evalueer Tufts Universiteit se fisici, Audrey Mithani en Alexander Vilenkin, drie teorieë wat belowe om te verduidelik hoe die heelal "'n begin kon omseil". Hulle gevolgtrekking? Nie een maak voorsiening vir 'n heelal wat "werklik vir ewig in die verlede kon bestaan nie".

Die feite is steeds soos dr. Vilenkin dit oorgedra het aan sy gehoor op 'n "*Toestand van die Heelal*"-simposium wat gehou was ter ere van die fisikus Stephen Hawking se 70ste verjaardag: "Al die bewyse wat ons het, sê dat die heelal 'n begin gehad het".

Vir fisici wat hoop om 'n "skepping" te vermy, gaan die probleem nie weggaan nie. Die "Genesis-probleem" is egter gladnie 'n probleem vir diegene wat werklik die boek van Genesis glo nie! In die heel eerste sin van die Bybel maak God aanspraak op die titel van Skepper van die hemel en die aarde! Selfs die uitdying van die heelal vind 'n weerklank in die woorde van die Skrif waar gepraat word van God "wat die hemele uitspan soos 'n tentdoek" (Jesaja 40:22; Psalm 104:2).

Buite die bereik van die sterrekundiges se teleskope en die fisici se vergelykings, onthul

*Vervolg op bladsy 19*

# Vrae & Antwoorde

**VRAAG**: U tydskrif beskryf dikwels die Tien Gebooie en ander Ou-Testamentiese leerstellings as nog steeds van toepassing vandag op Christene. Is Christene dus veronderstel om die opdrag in die wet van Moses te volg deur "klossies" of tossels aan hul klere te dra (Numeri 15:38-41; Deuteronomium 22:12)?

**ANTWOORD**: Eerstens moet ons verstaan wat die klossies simboliseer. Antieke Israel het die Tien Gebooie wat Moses van die berg Sinai af gebring het, oortree (sien Eksodus 32). As 'n gevolg van daardie oortreding, was 'n ander wet **bygevoeg** tot wat God voorheen gegee het (Galasiërs 3:19). Daar word soms na die bygevoegde wet verwys as die "Mosaïese wet".

Om nie verwar te word met die tydlose bepalings van die Tien Gebooie nie, bevat die Mosaïese wet insettings en verordeninge van 'n uitgebreide offerstelsel en verbandhoudende seremonies – waarvan baie 'n fisiese voorafskaduwing was van Jesus Christus se volmaakte offer vir die mensdom se sondes (Hebreërs 9:1-14). 'n Aantal van die instellings het ook aan die Israeliete fisiese simbole gegee wat dui op die rol van die opgestane Christus in die lewens van ware Christene (Galasiërs 2:20).

Die insetting wat die dra van klossies voorskryf, is eintlik 'n fisiese simbool wat ingestel is en wat in die plek staan van die Heilige Gees, wat God sou gee aan diegene wat Hom gehoorsaam (Handelinge 5:32). Die klossies was aan die vier hoeke van 'n mantel of buitenste kledingstuk aangebring as herinnering om God se gebooie te gehoorsaam.

Tydens Jesus se tyd het die Fariseërs alreeds basiese reëls uitgedink vir die fatsoen van die buitenste kledingstuk of mantel (vierkantig) en die aanbring en die dra van die klossies op die hoeke. Hierdie buitenste mantel was die voorganger van die gebedstjalie wat deesdae gedra word deur baie mense wat rabbynse Judaïsme beoefen. Rabbynse bronne beskryf vyf van die kledingstukke wat 'n Joodse man moes dra: Sy skoene, sy hoofbedekking, sy vierkantige oormantel, sy gordel en sy onderkleed.

Baie Christene besef nie dat die Nuwe Testament duidelik toon dat Jesus in wese dieselfde klere gedra het as wat enige bedagsame Joodse man sou gedra het nie. Die Skrif beskryf dat die Romeinse soldate wat Jesus gekruisig het, gedobbel het om te bepaal wie sy naatlose onderkleed sou kry (Johannes 19:23). Vier keer in die Evangelies verwys die Griekse woord *kraspedon* na die klossies aan Jesus se klere, waaraan mense probeer raak het, sodat hulle genees kon word (Mattheüs 9:20; 14:36; Mark 6:56; Lukas 8:44).

Aangesien Christene vandag veronderstel is om Jesus se voorbeeld in hul persoonlike lewens te volg (1 Petrus 2:21), beteken dit dat ons klossies moet dra, soos Hy gedra het? Om hierdie vraag te beantwoord, moet ons eers verstaan wat daardie klossies te kenne gee.

Antieke Israel het 'n konsekwente "geskiedenis" gehad van ongehoorsaamheid aan God, wat beide swakheid en eiesinnigheid weerspieël. Deur gebruik te maak van 'n goed-gedokumenteerde gebruik van daardie tyd, het God bepaal dat die dra van klossies deur antieke Israel as 'n herinnering moet dien (Numeri 15:38-41). Het antieke Israel bewys dat hulle in staat was om een van die heel eerste gebooie wat God aan die mensdom gegee het, te gehoorsaam – "Van al die bome van die tuin mag jy vry eet," insluitende die boom van die lewe, maar *nie* van die boom van kennis van goed en kwaad nie (Genesis 2:16-17) – dan sou klossies nooit nodig gewees het as 'n fisiese herinnering nie. God se gebooie sou op die harte en in die gedagtes van al die antieke Israeliete geskryf gewees het, net soos hulle tans geskryf is op die harte van ware Christene (vgl. Jeremia 31:3-4; Hebreërs 8:8-13).

Ten einde te kon preek in die sinagoges van Sy dag, het Jesus die gewoonte gevolg om die tradisionele drag, soos voorgeskryf deur die Joodse owerhede, te dra. Hy het eintlik "gewoon" gelyk – net soos die ander Jode van Sy tyd, tot so 'n mate dat die owerhede Judas se hulp nodig gehad het om hom in 'n skare uit te ken toe hulle Hom in hegtenis wou neem (Markus 14:45). Alhoewel Jesus die klossies wat algemene gebruik was in Sy dag, gedra het, het Hy dit nooit persoonlik nodig gehad om "herinner" te word aan dit waarvoor die klossies bedoel was nie (Johannes 2:25; 3:34).

Die simbool van die klossies het dus onnodige geword – oortollig – nadat Jesus Christus opgevaar het na die hemel en die Heilige Gees aan Sy Kerk gestuur het. Iemand in wie God se Heilige Gees woon, "dra" die geestelike vervulling van dit wat die klossies veronderstel was om uit te beeld! WvM

# Profesie neem

## Die groot opstand teen God

Bybel profesie lys verskeie tekens wat Jesus Christus se wederkoms sal voorafgaan, maar die apostel Paulus maak spesifiek melding van *twee vername gebeurtenisse* wat sal plaasvind net voor Christus se wederkoms. Hy skryf: "... eers moet *die afval* kom en die *mens van sonde* geopenbaar word, die seun van die verderf" (2 Thessalonicense 2:3). Paulus sê aan ons dat die verskyning van hierdie "mens van sonde" op die wêreldtoneel, gepaard sal gaan met "tekens en wonders van die leuen" wat gedoen sal word deur 'n vals godsdienstige leier, wat gebruik maak van Satan se krag (2 Thessalonicense 2:9). Hierdie vertoon van bonatuurlike demoniese krag sal miljoene mense mislei om hierdie Satan-geïnspireerde individu, en die stelsel wat hy voorstaan, te volg.

Die Westerse nasies is intussen besig om vinnig enige vorige skyn van nominale Christelikheid te laat vaar. "Hoofstroom" kerke wat vir eeue "tradisionele Bybelse waardes" gehandhaaf het, is nou voorstanders van dieselfde-geslag huwelike van predikante (ook vroulike predikante) wat homoseksualiteit beoefen, ook die openlike ontkenning dat die Skrif geïnspireerd is. Teenreaksie teen hierdie neigings dryf sommige van die Episkopaalse en Anglikane na die Rooms-Katolieke Kerk, selfs terwyl baie Rooms-Katolieke hulle kerk verlaat terwyl hulle verslaentheid en ontnugtering aanhaal van die manier waarop die "pedofiel-priester-skandaal" hanteer is. In baie Westerse nasies is Islam nou die geloof wat die vinnigste groei.

Wat het gebeur met die lankgehuldigde veronderstelling dat Jesus Christus sou terugkeer om Sy Koningryk te vestig? Ten spyte van liberale neigings en vals leerstellings, bly dit 'n feit dat Jesus "weer sal kom" (Johannes 14:1-3), dat Sy voete op die Olyfberg buite Jerusalem sal staan en dat Hy oor die hele aarde sal heers (Sagaria 14:1-9). Die Bybel boekstaaf ook dat spesifieke "tekens" Jesus se wederkoms sal voorafgaan: Toenemende geweld en oorloë, herhaaldelike oorstromings, droogtes en hongersnode, siekte-epidemies, aardbewings en ander natuurrampe (sien Mattheüs 24; Markus 13; Lukas 21). 'n Belangrike teken sal egter *wydverspreide godsdienstige misleiding* wees, wat bevorder sal word deur valse godsdienstige leiers wat "*groot tekens en wonders*" doen (Mattheüs 24:3-5, 11, 24). Die Skrif meld ook dat Jesus Christus se wederkoms *verrassend* sal wees vir die wêreld omdat mense nie op die uitkyk sal wees vir die waarskuwingstekens wat gaan aandui dat Sy wederkoms naby is nie (Mattheüs 24:36-41; 25:1-13; 1 Thessalonicense 5:1-6).

In die boek Openbaring beskryf die apostel Johannes 'n dier wat uit die see opkom, wat beïnvloed is en mag gegee is deur Satan (die draak – Openbaring 13:1-5). Hierdie dier sal 'n politieke leier wees wat in Europa mag gaan verkry oor 'n finale oplewing van 'n politieke stelsel wat skakels met die antieke Romeinse Ryk het (sien Daniël 2; 7). Johannes voorspel dan die verskyning van 'n ander dier en "Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal ... En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is" (Openbaring 13:11-18). Hierdie wonder-werkende valse profeet sal in bondgenootskap wees met die eerste dier en die mense van die aarde onder druk plaas om deel te word van hierdie herleefde Romeinse stelsel. Saam sal die politieke leier en die wonder-werkende valse profeet die wêreld in 'n Satan geïnspireerde stelsel inlei wat heeltemal teenstrydig met die wette van God is. Dit sal die finale vervulling wees van die "afvalligheid" of "groot geloofsversaking" teen God, wat

# gestalte aan

die apostel Paulus beskryf in 2 Thessalonicense 2:3. Bybel profesieë openbaar dat dit *sal plaasvind* binne die volgende paar jaar!

**Verkeerde aannames**

Soos baie lesers van hierdie tydskrif weet, het die organisasie wat vir meer as 50 jaar deur mnr. Herbert W. Armstrong gelei was, 'n groot krisis ondergaan in die vroeë 1990's, namate sy opvolgers die lank gehuldigde leerstellings van God se Kerk laat vaar het en probeer het om die organisasie te laat saamsmelt met "hoofstroom Christendom". Duisende lede het die Wêreldwye Kerk van God verlaat namate die leerstellings verander is. Daardie organisasie het selfs sy naam verander en openlik erken dat hulle nie meer hulself langer as 'n "Kerk van God" beskou nie.

Kon dit dus die "afval" gewees het wat die Skrif voorspel? Niemand anders nie as mnr. Armstrong self, sou verskil het van daardie bewering. Op baie geleenthede het mnr. Armstrong duidelik verkondig dat die "wegval" wat in 2 Thessalonicense 2:3 vermeld word, 'n gebeurtenis sal wees wat die oorgrote meerderheid mense regoor die wêreld sal raak. Hy het in 'n medewerkersbrief geskryf: "Christus het 'n wegdraai van Sy boodskap voorspel ... [Paulus] het 'n groot afvalligheid van Christus se ware boodskap voorspel ... die *gewilde kerke sal wegdraai* van die Waarheid en fabels glo" (11 November 1949). Later het hy in 'n 1982 radio-uitsending gevra: "Het daardie afval plaasgevind? Dit beteken nie 'n paar mense nie, dit beteken nie 'n paar radikales of fanatici nie. Die *hele wêreld* sal mislei moet wees".

Was die "hele wêreld" mislei toe mnr. Armstrong se opvolgers hul kerk verdeel het? Alhoewel dit 'n traumatiese gebeurtenis was, het dit slegs 'n relatiewe klein groepie mense geraak, die kerk se leiers het geen kragtige wonderwerke gedoen om die lojaliteit van volgelinge te verkry nie. Daar is geen skriftuurlike manier om die geprofeteerde "mens van sonde" te identifiseer met enigeen van die mans wat mnr. Armstrong opgevolg het as hoof van daardie organisasie nie.

Neem kennis dat die sinsdeel wat as "*afval*" in 2 Thessalonicense 2:3 vertaal word, van die Griekse woord *apostasia* kom. Alhoewel Engels-sprekendes geneig is om hierdie woord te vertaal as "*apostasy*", en "*falling away", het* dit 'n algemeen aanvaarde frase geword, wat nie die beste vertaling is nie. Kyk hoe 'n aantal ander vertalings dit weergee: "... *the great revolt*" (*Williams*), "*the rebellion*" (*Moffatt*), of "*the final rebellion against God*" (NEB). Geen geloofwaardige vertaling gee enige aanduiding dat hierdie massiewe wêreldwye gebeurtenis slegs 'n paar duisend lede van een organisasie kon behels nie. Veel eerder behels dit 'n onomwonde wêreldwye opstand van ongekende afmetings, teen enige sweem van geloof in die God van die Bybel. Dit is hoe die *Expositor's Bible Commentary* hierdie gewigtige gebeurtenis beskryf: "Toestande sal ryp wees vir mense, veral diegene wat hulself Christene noem ... om God die rug toe te keer ... Hierdie **wêreldwye anti-God beweging** sal so algemeen wees dat dit vir hulself 'n besondere benoeming verdien: '... die afvalligheid' ... die teenwoordigheid van so 'n afvalligheid en vervalsde god **sal nie internasionale waarneming ontgaan nie**" (volume 11, bl. 320-323).

Ons leef in 'n tydvak waarin die sogenaamde "Christelike" wêreld meer en meer wegdryf van God en die sedelike beginsels van die Bybel. Nasies wat eens op 'n tyd daarop aanspraak gemaak het dat hulle Christelike nasies is, bevorder nou homoseksualiteit en dieselfde-geslag huwelike – vervolg selfs diegene wat uit die Bybel aanhaal! Wat van Amerika? President Barack Obama het toe hy as

presidensiële kandidaat gestaan het, die beroemde opmerking gemaak: "**Wat ons ookal eers was, ons is nie meer 'n Christelike nasie nie –** ten minste nie uitsluitlik nie. Ons is ook 'n Joodse nasie, 'n Moslem nasie, 'n Boeddhistiese nasie, en 'n Hindoe nasie, en 'n nasie van ongelowiges". Sommige in-naam gelowiges het aanstoot geneem, was selfs ontstoke, deur sy woorde, maar hy **was** reg **–** Amerika beskou Bybelse beginsels nie meer as sy anker nie.

Hierdie tendens sal voortgaan. Binne die leeftyd van die meeste van u wat hierdie artikel lees, sal twee Satan-geïnspireerde individue – 'n wonder-werkende godsdienstige persoon en 'n charismatiese Europese politieke leier – op die wêreld-toneel verskyn en die massas van die mensdom in opstand lei teen die ware God. Uiteindelik, na aan die heel einde van hierdie tydvak, sal hierdie godslasterlike persoon homself as God verklaar. Hy sal die onderdanigheid van miljarde mense afdwing, wat met hom sal saamgaan in 'n finale opstand teen die terugkerende Jesus Christus (2 Thessalonicense 2:4).

U behoort *waaksaam* en *op die uitkyk te wees* vir hierdie betekenisvolle eindtydse gebeure sodat u kan vermy om mislei te word wanneer hierdie profesieë *gestalte aanneem!*

***—Douglas S. Winnail***

---

*Vervolg vanaf bladsy 14 – Olie-oorloë in die Suid-Atlantiese Oseaan?*

www.wvm.co.za of u kan 'n gratis kopie aanvra van die Streekskantoor die naaste aan u (gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif).

God het egter gewaarsku dat die nasies hierdie seëninge sal verloor as hulle aan Hom ongehoorsaam sal wees – as straf vir ongehoorsaamheid, sal vyande "jou in benoudheid bring in al jou poorte" (Deuteronomium 28:52). Dit is inderdaad wat ons sien gebeur. Ten spyte van oorblyfsels van 'n nominale "Christelike" kultuur, is Groot-Brittanje grootliks in opstand teen God en Sy weë. Dieselfde is waar van Amerika. As gevolg hiervan, is dit geen verrassing om te sien dat hierdie nasies een vir een elke waardevolle "seepoort" verloor nie. Vandag het nog net twee – Gibraltar en die Falklandeilande – oorgebly. Die tyd sal kom wanneer selfs hierdie twee weggeskeur sal word van Britse beheer. Die omstredenheid oor die Falklandeilande is net nog 'n teken dat die eindtydse Bybelse profesieë besig is om vinnig in vervulling te kom! WvM

---

# Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

---

*Vervolg vanaf bladsy 20 – Tekens van die tye*

Yorkton, Saskatchewan, sowel as in verskeie plekke in Ontario areas: London, North Bay, Ottawa, Sarnia, Sudbury en Thunder Bay. Ander plekke sal nog bygevoeg word, gaan asseblief die *TomorrowsWorld.org* webwerf na vir die jongste inligting daaroor.

Daar is 'n gloeiende rooi oggendlug. Die tekens is daar om te sien, maar hulle kan nie reg vertolk word sonder die konteks van God se Woord – die Bybel – nie. Die tekens vestig ons aandag op 'n broeiende storm wat die mensdom heeltemal kan vernietig, was dit nie vir die geprofeteerde wederkoms van Jesus Christus om die wêreld weer in orde te kry nie! Is u voorbereid? Kom na 'n *Tomorrow's World* Spesiale Aanbieding en leer wat u en u geliefdes kan doen om gereed te wees. WvM

*Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik*

erkentenis te hou nie, het *God hulle oorgegee aan 'n* **slegte gesindheid**, om te doen wat nie betaam nie" (Romeine 1:26-28).

Hoe duidelik! God se geïnspireerde woord beskryf homoseksuele hartstogte as "skandelik"! Inderdaad, die Bybel toon konsekwent dat die Skepper *nooit bedoel het* dat mans of vrouens hulle moes oorgee aan homoseksuele gedrag nie*. Dink! Indien almal* hul ten volle oorgee aan hierdie tipe gedrag, sal dit nie lank duur voordat die menslike ras *ophou om voort te bestaan* nie! Wie sou dit wil sien gebeur? Die Skrif verduidelik dat Satan die duiwel die "god van hierdie wêreld" **is** wat die oorgrote meerderheid mense se "sinne verblind het" vir begrip van die ware God of Sy plan (2 Korinthiërs 4:3-4). Die Bybel openbaar ook Satan is "die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk" (Efesiërs 2:1-2).

Soos ek dit in die hoofartikel elders in hierdie uitgawe beskryf ("Hoe Satan u mislei!"). Satan het miljoene mense oortuig om hul te verlustig in onbybelse praktyke wat die Bybel verdoem. Deur gebruik te maak van "Madison Avenue" tegnieke, het hy daarin geslaag om baie mense daarvan te oortuig dat homoseksuele aktiwiteite "normaal" is. Die leuen word voorgehou dat mense "so gebore word" en dat dit aan hulle die vryheid gee – selfs die reg – om gedragspatrone te beoefen wat die Skrif duidelik as "skandelik" bestempel.

Wat sê u Bybel? "Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra" (1 Korinthiërs 10:13). Ja, diegene wat voel dat hulle geneig is tot homoseksualiteit **kan** daardie geneigdheid oorkom! Met die hulp van God se Gees, is alle dinge moontlik (Mattheüs 19:26). Paulus herinner die Korinthiërs daaraan dat wanneer 'n persoon wegdraai van die wêreld se weë, dan word hy rein in God se oë (1 Korinthiërs 6:9-11)!

*Dink!* Selfs indien iemand voel dat hy of sy "homoseksuele neigings" het, maak daardie neigings dit nie "reg" om te doen wat verkeerd is nie! Wat van "neigings" tot alkoholisme, oorgewig, woede – en so baie ander ongesonde karaktertrekke? God verseker ons dat daardie neigings oorkom kan word! Toenemende getalle mense wil egter nie daardie eenvoudige waarheid aanhoor nie. Waarom nie? Jesus Christus sê: "... mense het die duisternis liewer gehad as die lig; want hulle werke was boos" (Johannes 3:19).

Diegene wat die duisternis liewer het as die lig – dié wat die ware God van die Bybel verwerp – kom die geestelike fondament kort wat hulle moet beskerm teen die leefstyl dat "alles aanvaarbaar is", wat Satan probeer om op die mensdom af te dwing. Hoerery, dronkenskap, dwelm-misbruik en dies meer, alles is aantreklik vir die vleeslike denke wat verkies om God te verwerp!

Die apostel Paulus was geïnspireer om aan ons te sê: "Want wat die vlees [menslike natuur] bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede, omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie" (Romeine 8:6-7). Die woord "vlees" in die Bybel beteken eenvoudig "menslik" – die normale manier en gesindheid van die mensdom sonder God, die menslike gesindhede geïnspireer deur die vlees – dikwels onder die invloed van Satan die duiwel.

Nee, die gemiddelde, onbekeerde "vleeslike" denke van die mens "onderwerp hom nie" aan die Tien Gebooie **–** die wet van God nie. Die onbekeerde menslike denke is normaalweg "vyandig" teenoor God **–** soos bogenoemde gedeelte aantoon. Mense hou nie van die konsep van 'n **wesenlike** God wat hulle **beveel** wat om te doen en hoe om hulle lewens te lei nie. Die meeste mense wil aan God dink as iets "vêr weg" **–** 'n "goddelike krag" of "eerste oorsaak" **–** 'n mag wat **geen gesag** het om aan hulle te sê wat om te doen nie. Die sondige natuur het 'n diep **weersin** in die ware God van die Bybel, wat 'n *groot geestelike* **wet** het wat aan mense sê **hoe** om Hom lief te hê **–** en **hoe** om die mensdom lief te hê!

Elkeen van u wat hier lees moet dit deeglik oordink en eerlik aan uself die bestaan van 'n **werklike** God van die Bybel en van Sy geïnspireerde Woord **bewys**. Ek moedig u ten sterkste aan om ons te skakel of aan ons te skryf en 'n gratis kopie van ons boekie met die titel, *Die Bybel: Feit of Fiksie*?, aan te vra. Maak ook seker u vra ons boekie aan met die titel, *Die Tien Gebooie*, dit gee 'n deeglike uiteensetting van die lewens**wyse** wat die Skepper aan ons voorhou. Mag God u help om *sekerheid te verkry* aangaande hierdie uiters belangrike dinge. U toekomstige geluk in *hierdie lewe* en u *ewige lewe* hang af van u gewilligheid om gehoorsaam te wees aan die God wat aan u lewe en asem gee. Mag God u die **moed** gee om Hom te vrees **–** om Hom *diep te eerbiedig,* veel meer as wat mense dink. Dit is tog **Sy** opinie wat werklik tel.



# Wêreld van Môre
# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 3016**
**Harrismith, FS**
**9880**

**of skakel : 058 622 1424**
**en meld dat u navraag doen**
**na die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**